

mm - 42



die biologiese wetenskaplikes in die rsa



001.3072068 HSRC
MM 42

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

Klasnr./Class No.	Registernr./No.
001.3072068 HSRC MM 42	21978/9

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon 48-3944

Telegramme: RAGEN

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

Institute van die RGN


Geskiedenisnavorsing
Inligting en Spesiale Dienste
Kommunikasienavorsing
Mannekragnavorsing
Navorsingsontwikkeling
Opvoedkundige Navorsing
Psigometriese Navorsing
Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing
Statistiese Navorsing
Taal, Lettere en Kuns
Administrasie

Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

21978/9

0000441758



001.3072068 HSRC MM 42



**SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING**

DIE BIOLOGIESE WETENSKAPLIKES IN DIE RSA

*'n ondersoek na die biografiese kenmerke
en aspekte van die werksituasie van
biologiese wetenskaplikes, 1971*

D. EBERSOHN, B.A. (Hons.)

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

DIREKTEUR: W. VERHOEF

PRETORIA

1973

Verlag nr. **MM-42**

Kopiereg voorbehou.

Prys R2,65

RGN

**BIBLIOTEK
LIBRARY**

HSRC

20-2-1974

STANDKODE

REGISTERNUMMER

001-3072068 HS-R.C.
BESTELNUMMER

MM42
21978/1

9

Admia

ISBN 0 86965 118 8

VOORWOORD

Gedurende 1971 het die Instituut vir Mannekragnavorsing van die RGN 'n omvattende opname oor natuurwetenskaplik opgeleide mannekrag onderneem.

Natuurwetenskaplikes speel in die huidige tegnologieë georiënteerde samelewing 'n belangrike rol in sowel ekonomiese as maatskaplike ontwikkeling. Terwyl nuwe wetenskaplike kennis vryelik beskikbaar is, word die daarop geboude tegnieke en toepassings in prosesse en produkte dikwels om militêre, ekonomiese en politieke redes streng bewaak. So word die RSA genoodsaak om sy eie navorsing oor atoomverryking, vuurpyle en projektiële te onderneem omdat nóg die kennis, nóg die produk, altyd gekoop kan word. As dit nie vir 'n navorsingstradisie was nie, sou hierdie navorsing nie onderneem kon word nie, want navorsing kan alleen plaasvind en nuwe kennis geassimileer word as daar 'n deurlopende bydrae tot navorsing en dus tot nuwe kennis gemaak kan word.

Om die bestaande navorsingstradisie voort te sit en te sorg vir die toepassing van navorsingsbevindinge, is dit nodig dat die aanbod van natuurwetenskaplikes met die vraag tred sal hou. Die doel met die ondersoek is dan ook om te raam wat die waarskynlike vraag na natuurwetenskaplikes in die toekoms gaan wees en of die opleidingstempo aan die eise sal kan voldoen. Sodanige vraag en aanbodstudie is egter sonder deeglike agtergrondkennis van die huidige beoefenaars van die natuurwetenskaplike beroepe nie juis moontlik nie en die opname is onderneem om hierdie kennis in te win.

Hierdie verslag oor biologiese wetenskaplikes is een van 'n reeks van vyf verslae waarin die beroepsomstandighede en biografiese kenmerke van die natuurwetenskaplikes ontleed en beskryf word. Die ander verslae in hierdie reeks handel oor aardwetenskaplikes, chemici, fisici en wiskundiges.

'n Verslag wat handel oor die vraag na en aanbod van natuurwetenskaplikes sowel as verslae wat meer spesifiek oor die salarisstruktuur en werktevredenheid van natuurwetenskaplikes handel, sal ook gepubliseer word.

Aangesien die vraag en aanbodsituasie in 'n beroep of beroepsgroep nooit staties is nie maar gedurig verander, is die opname in 1973 hehaal.

'n Hartlike woord van dank aan die byna 7000 gegradueerdes wat aan die ondersoek deelgeneem het, mnre. D.S. v.d. Ryst en C.E. Schutte wat aanvoorwerk vir die verslag gedoen het en die Institute van die RGN wat bygedra het om hierdie verslag vry te stel, naamlik die Instituut vir Statistiese Navorsing vir statistiese verwerkings en die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste vir redigering, proeflees en reëlings vir drukwerk.


- PRESIDENT

DIE BIOLOGIESE WETENSKAPLIKES IN DIE RSA
INHOUD

SUMMARY/OPSOMMING HOOFSTUK	BLADSY vii
1	1
1.1	1
1.2	1
1.3	1
1.4	3
1.5	5
2	6
2.1	6
2.2	9
2.3	9
2.4	9
3	13
3.1	13
3.2	18
3.3	21
4	24
4.1	24
4.2	26
4.3	29
4.4	30
4.5	35
4.6	38
4.7	48
5	57
5.1	57
5.2	58
5.3	76
6	82
6.1	82
6.2	82
6.3	85
6.4	92

7	SAMEVATTING	95
8	SYNOPSIS	100
	BRONNELYS	105
	BYLAE 1 VRAELYS	106
	BYLAE 2 SPESIALITEITSTERREINE	112

TABELLE

BLADSY

1.1	VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN RESPONDENTEGROEP VOLGENS GESLAG	3
1.2	VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN RESPONDENTEGROEP VOLGENS OUDERDOM	4
1.3	VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN RESPONDENTEGROEP VOLGENS HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL	4
1.4	VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN RESPONDENTEGROEP VOLGENS STUDIERIGTING VAN KWALIFIKASIES IN 'N NATUURWETENSKAPLIKE STUDIERIGTING BEHAAL	5
2.1	VERSPREIDING VOLGENS BIOLOGIESE BEROEPE	8
2.2	OUERDOMSVERSPREIDING	10
2.3	TAALVERSPREIDING	10
2.4	WOONPLEK VOLGENS EKONOMIESE STREEK/PROVINSIE	12
3.1	STUDIERIGTING VAN GRADE VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL	15
3.2	HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL VOLGENS STUDIERIGTING	16
3.3	HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL VOLGENS OUDEPDOM	17
3.4	REDES VIR KEUSE VAN STUDIERIGTING VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL	19
3.5	HIPOTETIESE HERKEUSE EN MOTIVERING DAARVOOR	20
3.6	SPECIALITEITSTERREINE	22
4.1	JARE WERKERVARING SEDERT EERSTE BETREKKING EN IN HUIDIGE BEROEP	25
4.2	SOORT WERKGEWER VOLGENS OUDERDOM	27
4.3	SOORT WERKGEWER VOLGENS HOOGSTE KWALIFIKASIE	28
4.4	VERSPREIDING VOLGENS BEDRYFSTAK	29
4.5	BEROEPSFUNKSIE VOLGENS OUDERDOM	31
4.6	BEROEPSFUNKSIE VOLGENS HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL	32
4.7	BEROEPSFUNKSIE VOLGENS SOORT WERKGEWER	33
4.8	BELANGRIKHEID VAN WERKKENMERKE EN VOLDOENING VAN BEROEP AAN WERKKENMERKE	36
4.9	WERKTEVREDENHEID VOLGENS OUDERDOM	39

	BLADSY	
4.10	WERKTEVREDENHEID VOLGENS HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL	41
4.11	WERKTEVREDENHEID VOLGENS SOORT WERKGEWER	43
4.12	WERKTEVREDENHEID VOLGENS BEROEPSFUNKSIE	45
4.13	WERKTEVREDENHEID VOLGENS HIPOTETIESE HERKEUSE VAN STUDIERIGTING	47
4.14	BENUTTING VAN UNIVERSITEITSONPLEIDING VOLGENS OUDERDOM	50
4.15	BENUTTING VAN UNIVERSITEITSONPLEIDING VOLGENS HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL	51
4.16	BENUTTING VAN UNIVERSITEITSONPLEIDING VOLGENS SOORT WERKGEWER	52
4.17	BENUTTING VAN UNIVERSITEITSONPLEIDING VOLGENS BEROEPSFUNKSIE	53
4.18	BENUTTING VAN UNIVERSITEITSONPLEIDING VOLGENS HIPOTETIESE HERKEUSE VAN STUDIERIGTING	55
4.19	WERKTEVREDENHEID VOLGENS BENUTTING VAN UNIVERSITEITSONPLEIDING	56
5.1	KUMULATIEWE SALARISVERSPREIDING	59
5.2	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS SOORT WERKGEWER	61
5.3	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS OUDERDOM	63
5.4	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL	66
5.5	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEROEPSFUNKSIE	69
5.6	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEDRYFSTAK	71
5.7	GEOGRAFIESE SALARISSTRUKTUUR	73
5.8	WOONPLEK VOLGENS MEDIAANOUDERDOM	75
5.9	SALARISSTRUKTUUR VOLGENS WERKTEVREDENHEID	77
5.10	BYVOORDELE	79
6.1	BEROEPE WAT DIE NIE-BIOLOË MET BIOLOGIESE OPLEIDING BEOEFEN	83
6.2	EKONOMIES BEDRYWIGE NIE-BIOLOË EN BIOLOGIESE WETENSKAPLIKES MET OPLEIDING IN 'N BIOLOGIESE STUDIERIGTING VOLGENS BEROEP	84
6.3	BEROEPE WAT DIE NIE-BIOLOË MET BIOLOGIESE OPLEIDING BEOEFEN VOLGENS BEROEPSGROEP	86

		BLADSY
6.4	HOOGSTE KWALIFIKASIE IN 'N BIOLOGIESE STUDIE- RIGTING BEHAAL DEUR NIE-BIOLOË VOLGENS BEROEPS- GROEP	88
6.5	HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL DEUR NIE-BIOLOË VOLGENS BEROEPSGROEP	90
6.6	OPSOMMING VAN DIE SPESIALITEITSTERREINE VAN DIE NIE-BIOLOË	93

FIGURE

	BLADSY
5.1 KUMULATIEWE SALARISVERSPREIDING	60
5.2 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS SOORT WERKGEWER	62
5.3 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS OUDERDOM	64
5.4 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL	67
5.5 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEROEPSFUNKSIE	69
5.6 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS BEDRYFSTAK	72
5.7 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS WOONPLEK	74
5.8 SALARISSTRUKTUUR VOLGENS WERKTEVREDENHEID	78

SUMMARY

An investigation concerning natural scientists in the Republic of South Africa was conducted during 1971 with a view to gathering background information which is necessary for determining the supply of and demand for natural scientists.

A total of 6 710 persons participated in the investigation. Of these, 614 indicated that they are biological scientists, while 1 527 persons with training in some or other field of the biological sciences stated that they pursue an occupation other than that of biological scientist. This report deals mainly with the 614 biological scientists.

The background data of the biological scientists which are analysed cover a wide field and include age, training, occupational function, employer, utilization of training, job satisfaction and remuneration.

OPSOMMING

Gedurende 1971 is 'n ondersoek na natuurwetenskaplikes in die Republiek van Suid-Afrika onderneem om agtergrondinligting in te samel wat nodig is vir die bepaling van die vraag na en aanbod van natuurwetenskaplikes.

In totaal het 6 710 persone aan die ondersoek deelgeneem. Van hierdie 6 710 persone het 614 aangedui dat hulle biologiese wetenskaplikes is en 1 527 persone met opleiding in 'n biologiese rigting het aangetoon dat hulle 'n ander beroep as biologiese wetenskaplikes beoefen. Hierdie verslag handel hoofsaaklik oor die 614 biologiese wetenskaplikes.

Die agtergrondgegevens van die biologiese wetenskaplikes wat ontleed word, dek 'n wye terrein en sluit in ouderdom, opleiding, beroepsfunksie, werkgewer, benutting van opleiding, werktevreedenheid en vergoeding.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 AGTERGROND

Die Instituut vir Mannekragnavorsing van die RGN onderneem studies wat onder andere oor die vraag-aanbodsituasie van hoogopgeleide mannekrag in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika handel. Vir die vraag-aanbodstudies is inligting oor verskillende beroepe van die uiterste belang. Inligting oor die kwalifikasiestruktuur, beroepsomstandighede en salarisse van die beroepsbeoefenaars is nodig om realistiese ramings van toekomstige vraag-aanbodsituasies van 'n besondere beroep te maak. Bevindinge van hierdie studies kan verder nuttig gebruik word in voorligting op skool en universiteit en is insiggewend vir die beroepsbeoefenaar self.

Met die oog op die uitbreiding van data oor beroepe, het die Instituut vir Mannekragnavorsing gedurende 1971 'n ondersoek geloods waartydens inligting oor die verskillende groepe natuurwetenskaplikes, onder andere die biologiese wetenskaplikes, in die RSA en SWA ingewin is. Hierdie ondersoek geniet onder andere die ondersteuning van die Wetenskaplike Raadgewer van die Eerste Minister.

1.2 DOELSTELLING

Die doel met hierdie ondersoeke is om die Blanke biologiese wetenskaplikes in die RSA en SWA se kwalifikasiestruktuur, ouderdom, beroepsomstandighede, salaris en byvoordele wat ontvang word te ontleed en te beskryf, ten einde 'n agtergrond te bied waarteen 'n raming van toekomstige vraag na en aanbod van gegradueerde biologiese wetenskaplikes gemaak kan word.

1.3 DIE ONDERSOEGGROEP

Die Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplikes is gebruik om die ondersoekgroep te identifiseer. Op 30 November 1970 was daar 78 125 Blanke gegradueerdes (of gelykgekwalifiseerdes) se gegewens in die Nasionale Register aangeteken. Uit die Nasionale Register is die name en adresse van persone wat

(a) jonger is as 66 jaar, aangesien persone 66 jaar en

- ouer gewoonlik uitdiensgetredenes is;
- (b) in die RSA of SWA woon en
 - (c) oor kwalifikasies in 'n natuurwetenskaplike studierigting beskik of 'n natuurwetenskaplike beroep beoefen, geselekteer. Persone met kwalifikasies waarvan die hoofvakke vir B-grade (bv. B.Sc.) of die studierigting van nagraadse grade (bv. M.Sc.) aan die Nasionale Register onbekend is en persone wat net oor grade in 'n meer toegepaste natuurwetenskaplike rigting soos in geneeskunde en ingenieurswese beskik, is nie in die ondersoek ingesluit nie.

Van die 78 125 gegradueerdes het 9 359 persone se gegewens aan die bogenoemde vereistes voldoen. Op 1 Maart 1971 is 'n vraelys (kyk bylae 1) aan elkeen van die 9 359 persone ge-pos. Na 3 maande is 6 710 ingevulde vraelyste ontvang, dit is 71,7 persent van die getal vraelyste wat uitgestuur is.

Van die 6 710 respondente (voortaan die respondentegroep genoem) het 614 persone hul beroep as biologiese wetenskaplike aangedui. Vir die doel van hierdie verslag is 36 verskillende beroepe as biologiese beroepe geklassifiseer. In tabel 2.1 verskyn 'n lys van die biologiese beroepe.

Uit die 6 710 persone is 'n verdere 1 527 persone geïdentifiseer wat oor hoofvakke, grade, diplomas of sertifikate in 'n biologiese studierigting beskik, maar wat 'n beroep anders as enige van die 36 biologiese beroepe beoefen. 'n Lys van vakgebiede wat as biologies van aard beskou word, verskyn in hoofstuk 6.

Benewens die inligting wat met behulp van die genoemde vraelys (bylae 1) ingewin is, is besonderhede oor die biologiese wetenskaplikes en biologies opgeleide persone se ouderdom, geslag, korrespondensietaal, woonplek en opvoedkundige kwalifikasies van die Nasionale Register verkry.

Hierdie verslag handel oor die 614 biologiese wetenskaplikes en die 1 527 nie-bioloë met biologiese opleiding wat uit die respondentegroep geïdentifiseer is. Afsonderlike verslae oor die ander natuurwetenskaplike groepe, naamlik die aardwetenskaplikes, chemici, fisici en wiskundiges wat ook uit dieselfde respondentegroep (6 710 persone) geïdentifiseer is, is reeds vrygestel.

1.4 VERTEENWOORDIGENDHEID VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Die mate van verteenwoordigendheid van die onderoekgroep ten opsigte van die gegraduateerde biologiese wetenskaplikes in die land is met behulp van die Nasionale Register bepaal. Die Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplikes (getal Blanke geregistreerdes 78 125 op 30 November 1970) is as 'n verteenwoordigende steekproef van die gegraduateerdes in die RSA en SWA bewys (1, bl. 13). Dit word aanvaar dat die 9 359 persone (voortaan die Nasionale Registergroep genoem) 'n verteenwoordigende steekproef van die natuurwetenskaplike opgeleide persone (jonger as 66 jaar en in RSA en SWA woonagtig) in die Nasionale Register is. Die gegewens van die respondentegroep (6 710 persone) wat vraelyste ingevul het, is vervolgens met die gegewens van die Nasionale Registergroep vergelyk.

In tabelle 1.1 tot 1.4 verskyn 'n vergelyking tussen die Nasionale Register- en respondentegroep ten opsigte van geslag, ouderdom, peil van hoogste kwalifikasie behaal en studierigting van kwalifikasies in 'n natuurwetenskaplike studierigting behaal.

TABEL 1.1

VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN RESPONDENTEGROEP VOLGENS GESLAG

Geslag	Nasionale Registergroep		Respondentegroep	
	N	%	N	%
Manlik	6 979	74,6	5 006	74,6
Vroulik	2 380	25,4	1 704	25,4
TOTAAL	9 359	100	6 710	100

$\chi^2 = 0,0031$

$p > 0,95$

TABEL 1.2
 VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN
 RESPONDENTEGROEP VOLGENS OUDERDOM

Ouderdom	Nasionale Registergroep		Respondentegroep	
	N	%	N	%
20 - 24	873	9,3	614	9,2
25 - 29	2 185	23,3	1 535	22,9
30 - 34	1 740	18,6	1 267	18,9
35 - 39	1 094	11,7	829	12,4
40 - 44	896	9,6	646	9,6
45 - 49	857	9,2	603	9,0
50 - 54	708	7,6	508	7,6
55 - 59	535	5,7	361	5,4
60 - 64	396	4,2	287	4,3
65	75	0,8	60	0,9
TOTAAL	9 359	100	6 710	100
Mediaan	34,2		34,3	

$$\chi^2 = 6,085$$

$$p > 0,70$$

TABEL 1.3
 VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN
 RESPONDENTEGROEP VOLGENS HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL

Hoogste kwalifikasie behaal	Nasionale Registergroep		Respondentegroep	
	N	%	N	%
Diploma gelykwaardig aan B-graad	119	1,3	88	1,3
B-graad	4 019	42,9	2 810	41,9
Nagraadse diploma	1 368	14,6	1 022	15,2
Hons. B- of nagraadse B-graad	1 416	15,1	1 007	15,0
M-graad	1 513	16,2	1 103	16,4
D-graad	924	9,9	680	10,1
TOTAAL	9 359	100	6 710	100

$$\chi^2 = 4,297$$

$$p > 0,50$$

TABEL 1.4

VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN RESPON-
DENTEGROEP VOLGENS STUDIERIGTING VAN KWALIFIKASIES
IN 'N NATUURWETENSKAPLIKE STUDIERIGTING BEHAAL

Kwalifikasies in 'n natuur- wetenskaplike studierigting behaal	Nasionale Registergroep		Respondentegroep	
	N	%	N	%
Aardkundig	1 434	7,5	1 091	7,5
Biologies	5 047	26,4	3 724	25,9
Chemies	4 962	25,9	3 798	26,4
Fisies	2 588	13,5	1 967	13,7
Wiskundig	5 115	26,7	3 808	26,5
TOTAAL	19 146	100	14 388	100

$$\chi^2 = 3,315$$

$$p > 0,50$$

Afwykinge tussen die Nasionale Register- en respondentegroep is volgens die χ^2 -waardes klein en onbeduidend. Die gegewens van die 614 biologiese wetenskaplikes en 1 527 nie-bioloë met biologiese opleiding word gevolglik as 'n verteenwoordigende steekproef van alle gegradueerde biologiese wetenskaplikes en nie-bioloë met biologiese opleiding in die land beskou.

1.5 OPSET VAN VERSLAG

In hoofstuk 2 word 'n funksionele beskrywing van die beroep biologiese wetenskaplike gegee. Enkele biografiese gegewens soos ouderdom, taal en geografiese verspreiding word bespreek. In hoofstukke 3 en 4 respektiewelik verskyn 'n beskrywing van die kwalifikasiestruktuur en werksituasie van die biologiese wetenskaplikes. Die salaris en byvoordele wat die biologiese wetenskaplikes ontvang, word kortliks in hoofstuk 5 bespreek. In hoofstuk 6 verskyn ontledings van die nie-bioloë se gegewens. Hoofstuk 7 is 'n samevatting van die vernaamste bevindinge van hierdie verslag.

HOOFSTUK 2

ALGEMENE BESKRYWING VAN DIE BIOLOGIESE WETENSKAPLIKES

2.1 INLEIDING

In hierdie verslag word die term biologiese wetenskaplike gebruik vir 'n gegradueerde wat een van 'n groep beroepe soos dié van bioloog, plantkundige en dierkundige beoefen. Maar wat doen 'n bioloog, plantkundige of dierkundige? In ISCO, 'n internasionale standaardberoepsklassifikasie wat deur die International Labour Organisation opgestel is, verskyn die volgende funksionele omskrywing van die beroep bioloog (2, bl. 36):

"Studies, in laboratory or in nature, the origin, development, structure, physiology, distribution, heredity, environment, interrelationships, classification and other basic aspects of plant and animal life and relates findings to the solution of medical, agricultural or other problems affecting life: plans experiments; makes field trips to study plants or animals in their natural habitat or collects specimens for study in the laboratory; dissects and studies specimens, using microscope, chemicals, photographic methods and other scientific equipment and materials; identifies, classifies and preserves specimens; prepares collections of specimens for identification of species, studies of development or diseases, and other purposes; makes statistical analyses of experimental data, and prepares reports. May raise own experimental plants or animals. May apply results of studies to economic aspects of man's life."

Volgens ISCO verrig 'n plantkundige take soortgelyk aan dié van 'n bioloog maar spesialiseer in die studie van plantlewe. Plantkundiges kan verder spesialiseer in 'n tak van plantkunde soos ekonomiese plantkunde, plantekologie, planttaksonomie, algologie en mikologie.

'n Dierkundige is volgens ISCO 'n persoon wat ook soortgelyke take as 'n bioloog verrig, maar in die studie van die dierelewe spesialiseer. Vertakkinge van dierkunde is byvoorbeeld embriologie, morfologie, sitologie, viskunde, volkkunde, soogdierkunde, insektekunde, parasitologie en dierekologie.

In 'n vraelys wat aan persone wat verskillende beroepe beoefen gestuur word, kan 'n taakomskrywing van elke beroep

nie sonder probleme opgeneem word nie. Die posvraelys word te lank, met die gevolg dat vraelysontvangers swak reageer en nie die vraelys invul nie. In hierdie ondersoek is die vraelysinvuller gevra om sy beroep soos op 1 Maart 1971 (kyk vraag 1, bylae 1) te verstrek en met behulp van die beroep op die vraelys aangedui, is die biologiese wetenskaplikes geïdentifiseer.

Ses en dertig verskillende beroepe is vir die doel van hierdie studie as biologiese beroepe geklassifiseer. In tabel 2.1 verskyn 'n ontleding van die getal persone wat die 36 beroepe beoefen.

Altesaam het 614 persone, 475 mans en 139 vroue, aangedui dat hulle biologiese wetenskaplikes is. Die verhouding manlik tot vroulik is ongeveer 3 tot 1.

Uit tabel 2,1 blyk dat 292 (61,5%) van die mans en 104 (74,8%) van die vroue in die ses algemeenste biologiese beroepe staan, naamlik biochemikus, bioloog, dierkundige, entomoloog, mikrobioloog en plantkundige. 'n Verdere 119 (25,1%) van die mans en 10 (7,2%) van die vroue het 8 ander algemene beroepe aangedui, terwyl die res, 64 (13,5%) mans en 25 (18,0%) vroue, 22 ander beroepe aangedui het.

Tabel 2.1 toon dat daar 'n klein persentasie landboukundiges, bosboukundiges, landbouvoorligters en huishoudkundiges in die ondersoekgroep voorkom. Die verklaring vir hierdie klein getalle moet in die seleksieprosedure gesoek word. Persone wat oor geen ander kwalifikasie as 'n suiwer landbou-, bosbou- of huishoudkundekwalifikasie beskik nie, se kwalifikasies is as meer in die toegepaste natuurwetenskappe beskou en dié persone is dus nie by die aanvanklike ondersoek (N = 9359) betrek nie.

Die landboukundiges, bosboukundiges, landbouvoorligters en huishoudkundiges in tabel 2.1 is dus as biologiese wetenskaplikes geklassifiseer omdat dié persone oor kwalifikasies in 'n suiwer natuurwetenskaplike studierigting beskik (bv. B.Sc. met plantkunde en dierkunde as hoofvakke), of in 'n vorige stadium 'n natuurwetenskaplike beroep, bv. dierkundige, beoefen het (beroep vir die Nasionale Register voor 1 Maart 1971 aangedui). Die bogenoemde vier beroepe word dus slegs vir die doel van hierdie spesifieke studie as biologiese beroepe geklassifiseer.

TABEL 2.1
 VERSPREIDING VOLGENS BIOLOGIESE BEROEPE

Beroep	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Biochemikus	43	9,1	20	14,4	63	10,3
Bioloog	54	11,4	10	7,2	64	10,4
Dierkundige	63	13,3	15	10,8	78	12,7
Entomoloog	47	9,9	7	5,0	54	8,8
Mikrobioloog	40	8,4	24	17,3	64	10,4
Plantkundige	45	9,5	28	20,1	73	11,9
Subtotaal	292	61,5	104	74,8	396	64,5
Fisioloog	17	3,6	7	5,0	24	3,9
Grondkundige	10	2,1			10	1,6
Hidrobioloog	15	3,2	2	1,4	17	2,8
Landboukundige	12	2,5			12	2,0
Oceanograaf	18	3,8			18	2,9
Plantpatoloog	16	3,4	1	0,7	17	2,8
Plantteler	13	2,7			13	2,1
Voedseltechnoloog	18	3,8			18	2,9
Subtotaal	119	25,1	10	7,2	129	21,0
Biofysikus	1	0,2			1	0,2
Biometrikus	1	0,2	1	0,7	2	0,3
Bosboukundige	3	0,6			3	0,5
Ekoloog	3	0,6			3	0,5
Genetikus	4	0,8	1	0,7	5	0,8
Hidroloog	4	0,8	3	2,2	7	1,1
Houttechnoloog	6	1,3			6	1,0
Huishoudkundige			4	2,9	4	0,7
Landbouvoorlichter	1	0,2			1	0,2
Landschapbeplanner	1	0,2			1	0,2
Lugbesoedlingsbeheerbeampte	1	0,2			1	0,2
Mikoloog	1	0,2	1	0,7	2	0,3
Natuurbewaarder	5	1,1	1	0,7	6	1,0
Onkruidbeampte	8	1,7	1	0,7	9	1,5
Paleontoloog	3	0,6	2	1,4	5	0,8
Pedoloog	2	0,4			2	0,3
Pomoloog	3	0,6			3	0,5
Sitoloog	1	0,2	2	1,4	3	0,5
Tegnikus-biologies (gegradueerd)	9	1,9	7	5,0	16	2,6
Veeteeltvakkundige	1	0,2			1	0,2
Viroloog	3	0,6	2	1,4	5	0,8
Wurmkundige (Nematoloog)	3	0,6			3	0,5
Subtotaal	64	13,5	25	18,0	89	14,5
TOTAAL	475	100	139	100	614	
%	77,4		22,6			100

2.2 OUDERDOM

'n Ontleding van die ouderdomstruktuur van die biologiese wetenskaplikes verskyn in tabel 2.2.

Die getal manlike biologiese wetenskaplikes per vyfjaargroep neem skerp toe tussen die ouderdom 20 en 30 jaar. Dit word gevolg deur 'n daling wat tot by aftree-ouderdom voortduur. Hierdie patroon word moontlik verklaar emersyds deur die toevloei van pasgegradueerdes tot biologiese beroepe en andersyds deur die gekombineerde effek van 'n uitvloei na ander beroepe en 'n toenemende uitdienstredings- en sterftesyfer. Die ouderdomsverspreiding van die vroue dui op 'n hoë aanvanklike deelname gevolg deur 'n daling in die deelnamesyfer in die ouderdomsgroep 30 tot 39 jaar. In die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar volg 'n geringe toename, waarskynlik as gevolg van getroude vroue wat tot die biologiese beroepe hertoetree.

In vergelyking met die 9 359 natuurwetenskaplikopgeleides se mediaanouderdom van 34,2 jaar (kyk tabel 1,2), is die biologiese wetenskaplikes as groep 2,4 jaar jonger. Dit wil voorkom of die biologiese beroepe in vergelyking met ander natuurwetenskaplikopgeleides of 'n groter getal pasgegradueerdes trek, of dat 'n groter getal ouer biologiese wetenskaplikes die beroep verlaat.

2.3 TAAL

Die taal van die biologiese wetenskaplikes is afgelei van die korrespondensietaal wat die biologiese wetenskaplikes verkies.

Volgens tabel 2.3 is net meer as die helfte (56,4%) van die biologiese wetenskaplikes Afrikaanssprekend. Dit is opvallend dat die verhouding van Afrikaans- tot Engelsprekendes vir die mans en vroue merkbaar verskil. Van die mans is 282 (59,4%) Afrikaanssprekend, terwyl 75 vroue (54,0%) Engelssprekend is.

2.4 WOONPLEK

Die posadres wat die biologiese wetenskaplikes aan die Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplikes verstrek het, is gebruik om die woonplek van die persone te bepaal. Die biologiese wetenskaplikes van wie die

TABEL 2.2
 OUDERDOMSVERSPREIDING

Ouderdom	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
20 - 24	31	6,5	41	29,5	72	11,7
25 - 29	140	29,5	36	25,9	176	28,7
30 - 34	112	23,6	14	10,1	126	20,5
35 - 39	69	14,5	8	5,8	77	12,5
40 - 44	47	9,9	10	7,2	57	9,3
45 - 49	35	7,4	12	8,6	47	7,7
50 - 54	25	5,3	6	4,3	31	5,0
55 - 59	9	1,9	8	5,8	17	2,8
60 - 64	6	1,3	4	2,9	10	1,6
65	1	0,2			1	0,2
TOTAAL	475	100	139	100	614	
%	77,4		22,6			100
Mediaan- ouderdom	32,5		28,5		31,8	

TABEL 2.3
 TAALVERSPREIDING

Taal	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Afrikaans	282	59,4	64	46,0	346	56,4
Engels	193	40,6	75	54,0	268	43,6
TOTAAL	475	100	139	100	614	
%	77,4		22,6			100

adresse onbekend is of wat Suid-Afrikaanse burgers is, maar wat tydelik in die buiteland woon, is nie in die ondersoek betrek nie (kyk paragraaf 1.3).

In tabel 2.4 word die woonplek van die biologiese wetenskaplikes volgens ekonomiese streek ontleed.

Tabel 2.4 toon dat die meeste biologiese wetenskaplikes (56,7%) in Transvaal woon. Verder toon tabel 2.4 dat die grootste konsentrasie van werkgewers vir biologiese wetenskaplikes in die gebiede Pretoria, Johannesburg, Stellenbosch-Paarl, Kaapse Skiereiland en Durban-Pinetown voorkom. Die konsentrasie van biologiese wetenskaplikes wat in die bogenoemde gebiede woon, word toegeskryf aan die groot aantal navorsingsinstansies in Pretoria en omgewing en die wyn-, sagtevrugte- en tabakbedrywe in die Wes-Kaap wat die belangrikste verskaffers van werkgeleenthede vir biologiese wetenskaplikes is.

TABEL 2.4
WOONPLEK VOLGENS EKONOMIESE STREEK/PROVINSIE

Woonplek	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Pretoria	137	28,8	57	41,0	194	31,6
Johannesburg	31	6,5	25	18,0	56	9,1
Nelspruit/Barberton	21	4,4	1	0,7	22	3,6
Potchefstroom/ Klerksdorp	17	3,6	2	1,4	19	3,1
Res van Transvaal	51	10,7	6	4,3	57	9,3
Transvaal	257	54,1	91	65,5	348	56,7
Stellenbosch/Paarl	51	10,7	8	5,8	59	9,6
Skiereiland	47	9,9	18	12,9	65	10,6
Kirkwood/Bathurst	9	1,9	3	2,2	12	2,0
Res van Kaapprovinsie	21	4,4	4	2,9	25	4,1
Kaapprovinsie	128	26,9	33	23,7	161	26,2
Durban/Pinetown	31	6,5	5	3,6	36	5,9
Pietermaritzburg	15	3,2	3	2,2	18	2,9
Res van Natal	10	2,1	1	0,7	11	1,8
Natal	56	11,8	9	6,5	65	10,6
Bloemfontein	17	3,6	5	3,6	22	3,6
Res van Oranje- Vrystaat	4	0,8			4	0,7
Oranje-Vrystaat	21	4,4	5	3,6	26	4,2
Suidwes-Afrika	13	2,7	1	0,7	14	2,3
TOTAAL	475	100	139	100	614	
%	77,4		22,6			100

HOOFSTUK 3

KWALIFIKASIES, KEUSE VAN STUDIERIGTING EN SPESIALITEITS- TERREINE

Die mannekragbeplanner gebruik inligting oor die opvoedkundige kwalifikasies waaroor die biologiese wetenskaplikes beskik as hulpmiddel om te bepaal hoeveel gegradueerdes in 'n biologiese studierigting deur die universiteite opgelei moet word om in die vraag na biologiese wetenskaplikes te voorsien. Ontledings in hierdie hoofstuk oor kwalifikasies is dus vir vraag-aanbodstudies belangrike agtergrondkennis. Verder word in hierdie hoofstuk die redes ontleed waarom biologiese wetenskaplikes hul studierigting gekies het en die spesialiteitsterrein waarop hul beweeg.

3.1 KWALIFIKASIES

3.1.1 Alle kwalifikasies behaal

In tabel 3.1 word die getal grade waaroor die biologiese wetenskaplikes beskik volgens peil en studierigting ontleed. Die getal grade wat behaal is, is groter as die getal biologiese wetenskaplikes omdat 'n persoon oor meer as een kwalifikasie kan beskik.

Van die totale getal hoofvakke vir B-grade is 472 uit 683 (69,1%) deur mans en 193 uit 247 (78,1%) deur vroue in 'n biologiese studierigting behaal. Die populêre hoofvakke vir B-grade is blykbaar Dierkunde, Plantkunde en Chemie. Die nagraadse grade waaroor die biologiese wetenskaplikes beskik, is hoofsaaklik in 'n biologiese studierigting behaal. Van die 190 honneursgrade waaroor die mans beskik, is 129 (of 67,9%), van die 226 M-grade 122 (of 54,0%), en van die 88 D-grade 65 (of 73,4%) in 'n biologiese studierigting behaal. Alhoewel die getal nagraadse grade waaroor die vroue beskik minder is as die getal nagraadse grade waaroor die mans beskik, is die nagraadse grade van die vroue in vergelyking met dié van die mans, in 'n hoër mate beroepsgerig. Van die 28 honneursgrade waaroor die vroue beskik, is 24 (of 85,7% teenoor die 67,9% van die mans), van die 23 M-grade 18 (of 78,3% teenoor die 54,0% van die mans) en van die 16 D-grade 12 (of 75,0% teenoor die 73,9% van die mans) in 'n biologiese studierigting behaal.

'n Opvallende verskynsel uit tabel 3.1 is die relatief groot getal B-grade, honneurs-, M- en D-grade in Landbou waaroor die mans beskik. Landbougrade se leergange is verwant aan grade in 'n biologiese studierigting en stel die landbougekwalfiseerde in staat om tot biologiese beroepe toe te tree. Dit is dus nie so vreemd dat 'n groot getal mans wat biologiese wetenskaplikes is, oor landbougrade beskik nie.

3.1.2 Hoogste kwalifikasie behaal

In tabel 3.2 word die peil van die hoogste kwalifikasie wat deur die biologiese wetenskaplikes behaal is, volgens studierigting ontleed.

Tabel 3.2 toon dat indien al die kwalifikasies waaroor die mans en vroue beskik in berekening gebring word, 325 mans (of 68,4%) en 49 vroue (of 35,2%) minstens 'n honneurs-, M- of D-graad behaal het. Vyf van die 6 nagraadse diplomas waaroor die mans beskik en die 9 nagraadse diplomas van die vroue is nagraadse onderwysdiplomas.

Indien slegs kwalifikasies in 'n biologiese studierigting in ag geneem word, beskik 175 mans (36,8%) en 23 vroue (16,5%) oor geen diploma, B-graad of nagraadse graad in 'n biologiese studierigting nie. Verdere ontledings het getoon dat 115 van die 175 mans (65,7%) en 3 van die 23 vroue (13,0%) oor landboukwalifikasies beskik en 41 mans (23,4%) en 13 vroue (56,5%) 'n B- of nagraadse graad in studierigtings soos Chemie, Fisika of Geologie behaal het.

Tabel 3.3 toon die ouderdomsverspreiding van die mans en vroue volgens die hoogste kwalifikasie behaal.

Die vroue met B-grade, nagraadse diplomas of honneursgrade is jonger as die mans in die ooreenstemmende kwalifikasiepeile en die vroue met M- of D-grade is ouer as die mans met M- of D-grade. 'n Verklaring vir hierdie verskynsel moet gesoek word in die normale arbeidspatroon van die vrou, naamlik dat sommige vroue hul beroep op die ouderdom van ongeveer 25 jaar verlaat, maar in 'n later stadium tot beroepe hertoetree. Dit is ook moontlik dat dié vroue tydens hul ekonomies onaktiewe loopbaan of na hertoetrede tot 'n beroep nagraadse kwalifikasies behaal het.

Verder is dit opvallend dat die vroue met M-grade as groep 3,8 jaar ouer is as die vroue met D-grade. Dit beteken dat meer jonger vroue sover as 'n D-graad as 'n M-graad gestudeer het.

TABEL 3.1
STUDIERIGTING VAN GRADE VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL

Studierigting	Hoofvakke vir B-grade ¹⁾		Gespesialiseerde B-grade		Hons.-B-/nagraadse B-grade		M-grade		D-grade	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
	Biologiese studierigting									
Anatomie	2	1					1			
Bakteriologie	1									
Biochemie	5	3			3	4	10	1	11	3
Bio-ekologie					1					
Biologie	4	3			1	1	1			
Oierkunde	194	71			61	8	49	6	21	5
Entomologie	63	16			18		20		9	
Fisiologie	25	13			5		3		1	1
Genetika	15	13			3	1	2		1	1
Houtkunde							1		1	
Houttegnologie			5							
Mikroanatomie					1				1	
Mikrobiologie	15	8			5	2	6	2	9	
Oseanografie							1			
Plantbiochemie					1	1	1			
Plantfisiologie					3		5	1	1	1
Plantkunde	148	65			27	7	22	8	10	1
Subtotaal	472	193	5		129	24	122	18	65	12
Ander natuurwetenskaplik										
Aardrykskunde	17	6			2			1		
Chemie	92	26			8	1	11	1	7	2
Fisika	27	3			3		6			
Geologie	24	3			2					
Toegepaste Wiskunde	6									
Wiskunde	18	5				1				
Ander natuurwetenskaplik	13	5				1				
Subtotaal	197	48			15	3	17	2	7	2
Ander studierigtings										
Bosbou			4		1		3			
Geesteswetenskaplik	10	6			3	1	3	2	2	2
Handelswetenskaplik	4						3			
Landbou			120	9	28		71		13	
Natuurbeheer					11		4			
Veeartsenykunde			1				1	1	1	
Voedseltegnologie			6	5	3		2			
TOTAAL	683	247	136	14	190	28	226	23	88	16

¹⁾ Getal B-grade waarvoor hoofvakke aangedui is: mans 334 en vroue 123.

TABEL 3.2

HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL VOLGENS STUDIERIGTING

Hoogste kwalifikasie behaal	Mens				Vroue			
	Enige studie- rigting N	Biologie- dierigting N	Biologiese stu- dierigting %	Enige studie- rigting N	Enige studie- rigting %	Biologiese studierigting N	Biologiese studierigting %	
Diploma gelykwaardig aan B-graad	1	0,2						
B-graad	143	30,1	20,8	81	58,3	72	51,8	
Nagraadse diploma	6	1,3	0,2	9	6,5			
Hons.-B-/nagraadse B.- graad	88	18,5	12,6	18	12,9	17	12,2	
M-graad	152	32,0	16,8	15	10,8	16	11,5	
D-graad	85	17,9	12,6	16	11,5	11	7,9	
Subtotaal	475	100	63,2	139	100	116	83,5	
Geen kwalifikasie in biologiese studie- rigting								
TOTAAL	475	100	475	100	139	100	139	
			175	36,8		23	16,5	
			475	100	139	139	100	

TABEL 3.3
HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL VOLGENS OUDERDOOM
(a) Mens

Ouderdom	Hoogste kwalifikasie behaal													
	Diploma ge-lykwaardig aan B-graad		B-graad		Nagraadse diploma		Hons.-B-/nagraadse B-graad		M-graad		D-graad		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
20-24	24	16,8	6	16,7	1	16,7	48	5,8	1	0,7	3	3,5	31	6,5
25-29	53	37,1	1	1,9	1	1,9	24	3,5	35	23,0	17	20,0	100	29,5
30-34	21	14,7	2	9,5	2	9,5	3	4,4	50	32,9	15	17,5	112	23,6
35-39	21	14,7	1	4,8	1	4,8	3	4,4	27	17,6	18	21,2	69	14,5
40-44	12	8,4	1	8,4	1	8,4	3	4,4	13	8,6	15	17,6	47	9,9
45-49	4	2,8	1	2,8	1	2,8	3	4,4	12	7,9	15	17,6	35	7,4
50-54	6	4,2	1	1,7	1	1,7	1	1,1	9	5,9	8	9,4	25	5,3
55-59	1	0,7	0	0,0	0	0,0	0	0,0	3	2,0	5	5,9	9	1,9
60-64	1	0,7	0	0,0	0	0,0	0	0,0	2	1,3	3	3,5	6	1,3
65	1	0,7	0	0,0	0	0,0	0	0,0	2	1,3	1	1,2	1	0,2
TOTAAL	1	100	143	100	6	100	88	100	152	100	85	100	475	100
%	0,2		30,1		1,3		18,5		32,0		17,9		32,5	
Mediaan	-		29,0		39,5		26,5		33,5		41,6		32,5	

(b) Vroue

20-24	34	42,0	1	11,1	1	11,1	6	33,3	2	13,3	1	6,3	41	29,5
25-29	24	29,6	3	33,3	3	33,3	2	33,3	2	13,3	1	6,3	36	25,9
30-34	6	7,4	3	33,3	1	11,1	1	5,6	2	13,3	3	18,8	14	10,1
35-39	3	3,7	1	11,1	1	11,1	1	5,6	2	13,3	3	18,8	8	5,8
40-44	5	6,2	0	0,0	0	0,0	2	11,1	2	13,3	3	18,8	10	7,2
45-49	5	6,2	0	0,0	0	0,0	2	11,1	2	13,3	3	18,8	12	8,6
50-54	2	2,5	0	0,0	0	0,0	0	0,0	3	20,0	1	6,3	6	4,3
55-59	1	1,2	1	11,1	1	11,1	1	5,6	3	20,0	3	18,8	8	5,8
60-64	1	1,2	0	0,0	0	0,0	0	0,0	1	6,7	1	6,3	4	2,9
TOTAAL	81	100	9	100	9	100	18	100	15	100	16	100	139	100
%	58,3		6,5		6,5		12,9		10,8		11,5		28,5	
Mediaan	25,9		30,3		30,3		17,0		48,3		44,5		28,5	

Uit tabel 3.3 blyk verder dat die jonger biologiese wetenskaplike sterk mededinging met betrekking tot akademiese kwalifikasies op 'n hoër ouderdom kan verwag. Van die huidige biologiese wetenskaplikes in die ouderdomsgroep 40 jaar en ouer beskik 89 van die 123 mans (72,4%) oor 'n M- of D-graad.

3.2 KEUSE VAN STUDIERIGTING

3.2.1 Rede vir keuse van studierigting

In vraag 11 van die vraelys (kyk bylae 1) is die biologiese wetenskaplikes gevra om die vernaamste rede waarom hulle die studierigting gekies het, aan te dui. Slegs een rede vir elke kwalifikasie moes verstrekk word. Die antwoorde wat ontvang is, word in tabel 3.4 ontleed.

Die getal redes aangegee kom nie ooreen met die getal kwalifikasies waaroor die mans en vroue beskik nie (kyk tabel 3.1), aangesien sommige persone nie die vraag beantwoord het nie of redes vir grade waarmee hul nagraads besig is (dus nie behaal het nie), aangegee het.

Belangstelling in die studierigting word deur die mans en vroue as die vernaamste rede vir die keuse van hul studierigting op diploma- of graadvlak aangedui. Vir B-grade word die ouers se aanbeveling deur die mans en vroue as tweede vernaamste rede verstrekk. Dit is opvallend dat belangstelling in die studierigting 'n kleiner persentasie in die keuse van honneurs- en M-grade vir mans en honneurs-, M- en D-grade vir die vroue vorm. Redes soos werkgeleenthede in die rigting en beurse/lenings beskikbaar of ontvang word 'n sterker dryfveer in die keuse van nagraadse grade.

3.2.2 Hipotetiese herkeuse van studierigting

In vraag 12 van die vraelys is die biologiese wetenskaplikes gekonfronteer met 'n hipotetiese herkeuse van hul studierigting. In tabel 3.5 is die antwoorde en motiverings vir antwoorde op die hipotetiese herkeuse ontleed.

Van die 475 mans is slegs 139 (29,3%) seker dat hulle weer dieselfde studierigting sou kies en as motivering is werktevredenheid (34,5%) en belangstelling (29,5%) aangedui. In vergelyking met die mans is daar meer vroue (41,0% teenoor 29,3%) wat weer dieselfde studierigting sou kies.

TABEL 3.4
 REDES VIR KEUSE VAN STUDIERIGTING VOLGENS KWALIFIKASIEPEIL

(a) Mens

Vernaamste rede vir studierigtingkeuse	B-graad		Hons.-B- of nagraadse B-graad		M-graad		D-graad		Nagraadse diploma		Ander diplomas		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Belangstelling in studierigting	268	62,6	136	52,9	153	59,8	88	76,5	3	30,0	7	50,0	655	60,6
Werkgeleenthede in die rigting	14	3,3	29	11,3	30	11,7	14	12,2	2	20,0	2	14,3	91	8,4
Beurse/lenings beskikbaar of ontvang	32	7,5	32	12,5	29	11,3	7	6,1	3	30,0	2	14,3	105	9,7
Dosente/lektore op universiteit	17	4,0	22	8,6	26	10,2							65	6,0
Voorligting op universiteit	9	2,1	19	7,4					1	10,0			28	2,6
Ouers se aanbeveling	34	7,9							1	10,0	2	14,3	35	3,2
Voorligting op skool	26	6,1							1	10,0			29	2,7
Vriende se aanbeveling	18	4,2									1		18	1,7
Ander redes	10	2,3	19	7,4	18	7,0	6	5,2			1	7,1	54	5,0
TOTAAL	428	100	257	100	256	100	115	100	10	100	14	100	1080	100

(b) Vroue

Belangstelling in studierigting	108	81,8	30	69,8	17	58,6	12	75,0	3	15,0	6	66,7	176	70,7
Werkgeleenthede in die rigting	4	3,0	4	9,3	4	13,8	1	6,3	7	35,0	1	11,1	21	8,4
Beurse/lenings beskikbaar of ontvang	3	2,3	3	7,0	3	10,3	1	6,3	3	15,0			12	4,8
Dosente/lektore op universiteit	1	0,8	3	7,0	3	10,3	1	6,3			1	11,1	8	3,2
Voorligting op universiteit	2	1,5							6	30,0	1	11,1	19	7,6
Ouers se aanbeveling	2	1,5			2	6,9	1	6,3					2	0,8
Voorligting op skool	2	1,5											3	1,2
Vriende se aanbeveling	3	2,3	3	7,0					1	5,0			4	1,6
TOTAAL	132	100	43	100	29	100	15	100	20	100	9	100	249	100

TABEL 3.5
HIPOTETIESE HERKEUSE EN MOTIVERING DAARVOOR

(a) Mens

Motivering	Hypotetiese herkeuse van studierigting									
	Ja, besliss		Ja, maar met voorbehoude		Miskien		Nee, onder geen omstandighede		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Belangstelling in studierigting	41	29,5	1	0,6	1	1,1			43	9,1
Tevrede met werk	48	34,5	6	3,5	1	1,1			55	11,6
Salaris is te min			24	14,0	14	15,2	19	26,4	57	12,0
Werkgeleenthede nie voldoende			18	10,5	13	14,1	12	16,7	43	9,1
Ontevrede met werk			13	7,6	8	8,7	10	13,9	31	6,5
Sou ander vakke gekies het			25	14,5	1	1,1	2	2,8	28	5,9
Sou 'n mediese graad gekies het			5	2,9	8	8,7	3	4,2	16	3,4
Sou 'n ander studierigting met 'n ander gekoppel het			12	7,0	1	1,1	1	1,4	14	2,9
Stel in 'n ander studierigting belang	17	12,2	8	4,7	15	16,3	5	6,9	28	5,9
Ander redes	33	23,7	30	17,4	19	20,7	18	25,0	84	17,7
Geen motivering			30	17,4	11	12,0	2	2,8	76	16,0
TOTAAL	139	100	172	100	92	100	72	100	475	100
%	29,3	36,2	19,4	15,2						

(b) Vroue

Belangstelling in studierigting	22	38,6			1	4,8			23	16,5
Tevrede met werk	10	17,5	2	4,3	1	4,8	3	21,4	13	9,4
Werkgeleenthede nie voldoende			6	12,8	1	4,8	2	14,3	10	7,2
Stel in 'n ander studierigting belang			3	6,4	4	19,0	2	14,3	9	6,5
Sou ander vakke gekies het			9	19,1					9	6,5
Vooroordele teenoor vroue in studierigting	6	10,5	2	4,3	3	14,3	2	14,3	7	5,0
Werk in studierigting interessant	7	12,3	19	40,4	8	38,1	7	50,0	41	29,5
Ander redes	12	21,1	6	12,8	3	14,3			21	15,1
Geen motivering			47	100	21	100	14	100	139	100
TOTAAL	57	100	33,8	15,1						
%	41,0	33,8	15,1	10,1						

Die vroue motiveer hul antwoord met belangstelling in die studierigting (38,6%) en werktevredeheid (17,5%).

Die 172 mans wat sekere voorbehoude stel en die 92 mans wat twyfel of hulle weer dieselfde studierigting sou kies, huldig die mening dat die salaris wat hulle ontvang te min is, dat daar nie voldoende werkgeleenthede bestaan nie en dat hulle ander vakke sou kies. Die 72 mans en 14 vroue wat onder geen omstandighede weer dieselfde studierigting sou kies nie, moet gesien word as waarskynlike kandidate vir beroepsverskuivings.

3.3 SPESIALITEITSTERREINE

Die biologiese wetenskaplike wat homself as 'n spesialis beskou, dit wil sê 'n persoon met diepgaande kennis van een of ander natuurwetenskaplike terrein, is gevra om met behulp van 'n vaklys van spesialiteitsterreine in die suiwer en toegepaste natuurwetenskappe, in volgorde van bevoegdheid twee spesialiteitsterreine waarin hy/sy die bevoegdste voel, aan te dui. Die vaklys is deur die Kantoor van die Wetenskaplike Raadgewer van die Eerste Minister (September 1967) saamgestel.

Tabel 3.6 toon 'n opsomming van die spesialiteitsterreine wat deur die biologiese wetenskaplikes aangedui is. In bylae 2 verskyn 'n breedvoeriger ontleding van die spesialiteitsterreine wat verstrekk is.

Volgens tabel 3.6 het 319 mans (67,2%) as eerste keuse en 258 mans (54,3%) as tweede keuse 'n spesialiteitsterrein in 'n biologiese rigting aangedui. Kennisterreine soos dierkundige wetenskappe (31,8%), Mikrobiologie en Plant-siektekunde (10,1%) is goed verteenwoordig. 'n Verdere 16,8 persent het as eerste keuse en 15,8% as tweede keuse spesialiteitsterreine op ander vakgebiede soos Chemie en Geneeskunde verstrekk. Uit bylae 2 sal opgemerk word dat 'n redelike aantal van dié spesialiteitsterreine verwant is aan biologiese rigtings.

Meer as die helfte van die vroue het geen spesialiteits-terrein verstrekk nie (50,4% geen eerste en 59,0% geen tweede keuse). Die vroue wat wel 'n spesialiteitsterrein aangedui het, het meesal gespesialiseerde kennis van Plantkunde.

TABEL 3.6
SPECIALITEITSTERREINE

Specialiteitsterrein	Eerste keuse				Tweede keuse				
	Mans		Vroue		Mans		Vroue		
	N	%	N	%	N	%	N	%	
<u>Biologie, Bosbou, Landbou</u>									
Bosbou	4	0,8			5	1,1			
Dierkundige wetenskappe	151	31,8	12	8,6	129	27,2	12	8,6	
Genetika	22	4,6	1	0,7	17	3,6	1	0,7	
Grondkunde	10	2,1			8	1,7			
Landbou-Ekonomie, Voorligting	4	0,8	1	0,7	8	1,7	2	1,4	
Mikrobiologie en Plantsiekte- kunde	48	10,1	13	9,4	39	8,2	10	7,2	
Plantkunde	39	8,2	19	13,7	19	4,0	13	9,4	
Plantproduksie	28	5,9	2	1,4	26	5,5	1	0,7	
Toegepaste Dierwetenskap	13	2,7	2	1,4	7	1,5	2	1,4	
Subtotaal	319	67,2	50	36,0	258	54,3	41	29,5	
<u>Aardwetenskappe</u>									
Chemie	18	3,8	1	0,7	12	2,5	2	1,4	
Fisika en Toegepaste Wiskunde	28	5,9	8	5,8	28	5,9	6	4,3	
Geneeskunde	1	0,2			3	0,6			
Ingenieurswese	15	3,2	9	6,5	14	2,9	7	5,0	
Tegnologie	6	1,3	1	0,7	4	0,8			
Wiskunde, Statistiek	9	1,9			9	1,9	1	0,7	
Nie aangedui	3	0,6			5	1,1			
TOTAAL	76	16,0	70	50,4	142	29,9	82	59,0	
	475	100	139	100	475	100	139	100	

Die gegewens in bylae 2 toon waar daar moontlike gapings in die kennis van die biologiese wetenskaplikes bestaan en behoort van waarde te wees vir nagraadse studente wat 'n spesialiteitsterrein soek.

HOOFSTUK 4

WERKSITUASIE

In hierdie hoofstuk oor die werksituasie van die biologiese wetenskaplikes word agtereenvolgens die jare werkervaring waaroor hul beskik, die soort werkgewer by wie hulle in diens is, bedryfstak waarin werkgeleenthede vir biologiese wetenskaplikes bestaan, die vernaamste beroepsfunksie waaraan die meeste werktyd bestee word, menings oor werkkenmerke van beroepe, mate van werktevredenheid en mate waarin universiteitsopleiding benut word, ontleed en bespreek.

4.1 WERKERVARING

In tabel 4.1 word die jare werkervaring waaroor die biologiese wetenskaplikes beskik met die jare werkervaring in hul huidige beroep vergelyk (kyk vraag 3, bylae 1).

Die mediaan jare werkervaring sedert die biologiese wetenskaplikes tot die arbeidsmag toegetree het, is 8,6 jaar en 4,5 jaar vir die mans en vroue respektiewelik. Die vroue beskik oor minder jare werkervaring as die mans omdat die vrou se beroepsloopbaan verskil van dié van die man. Die vrou se beroepsloopbaan word waarskynlik onderbreek deur ekonomies onaktiewe tydperke of sy verlaat die beroep op 'n jonger leeftyd as die man, met die gevolg dat vroue oor minder jare werkervaring beskik en ook as groep jonger is (kyk tabel 2.2).

Die mediaan jare werkervaring in hul huidige beroep is 5,0 jaar vir mans en 3,6 jaar vir vroue. Die verskil in jare werkervaring sedert 'n eerste betrekking aanvaar is en in huidige beroep, dui op die beroepswissellings wat in die biologiese beroep plaasvind. Aangesien die mediaan jare werkervaring van die vroue in hul huidige beroep met slegs 0,9 jaar verskil van die mediaan jare werkervaring sedert die vroue 'n eerste betrekking aanvaar het teenoor die 3,6 jaar van die mans, wil dit voorkom of die vroue tydens hul ekonomies aktiewe loopbaan minder van beroep verwissel as die mans.

TABEL 4.1
 JARE WERKERVARING SEDERT EERSTE BETREKING EN IN HUIDIGE BEROEP

Volle jare werker- varing	Sedert eerste betrekking						In huidige beroep											
	Mans			Vroue			Totaal			Mans			Vroue			Totaal		
	N	%		N	%		N	%		N	%		N	%		N	%	
0 - 5	154	32,4	74	53,2	228	37,1	231	48,6	91	65,5	322	52,4						
6 - 10	126	26,5	16	11,5	142	23,1	116	24,4	17	12,2	133	21,7						
11 - 15	66	13,9	14	10,1	80	13,0	48	10,1	10	7,2	58	9,4						
16 - 20	46	9,7	12	8,6	58	9,4	31	6,5	6	4,3	37	6,0						
21 - 25	40	8,4	9	6,5	49	8,0	26	5,5	4	2,9	30	4,9						
26 - 30	15	3,2	1	0,7	16	2,6	3	0,6	1	0,7	4	0,7						
31 - 35	7	1,5	4	2,9	11	1,8	3	0,6	1	0,7	4	0,7						
36 - 40	6	1,3	1	0,7	7	1,1	1	0,2	1	0,7	2	0,3						
41 - 45	2	0,4	1	0,7	3	0,5	1	0,2	1	0,7	1	0,2						
Nie aangedui	13	2,7	7	5,0	20	3,3	15	3,2	8	5,8	23	3,7						
TOTAAL	475	100	139	100	614	100	475	100	139	100	614	100						
Mediaan	8,6		4,5		7,9		5,0		3,6		4,6							

4.2 WERKGEWER

In tabelle 4.2 en 4.3 word die soort werkgewer by wie die mans en vroue in diens is volgens ouderdom en hoogste kwalifikasie behaal, ontleed.

Tabel 4.2 toon dat 251 mans (52,8%) en 61 vroue (43,9%) in diens van die staat of provinsiale administrasies is. Die vernaamste werkgewer van die vroue is egter die semi-staatsinstellings (45,3% in diens), terwyl die semi-staatsinstellings die tweede vernaamste werkgewer van die mans is (27,8% in diens).

Volgens tabel 4.2 is die mans in die semi-staatsinstellings as groep ongeveer 1 jaar ouer as die mans in die staatsdiens (mediaanouderdom 31,6 jaar teenoor 32,9 jaar) en tabel 4.3 toon dat 70,9 persent van die mans in die staatsdiens oor minstens 'n honneurs-, M- of D-graad beskik teenoor 76,5 persent van die mans in die semi-staatsinstellings met 'n honneurs-, M- of D-graad. Dit wil voorkom of die gegradueerde biologiese wetenskaplike in die staatsdiens en semi-staatsinstellings oor minstens 'n honneurs-, M- of D-graad moet beskik om op 'n kompeterende vlak met sy mede-biologiese wetenskaplike te beweeg.

Dit is opvallend dat die mans in die private sektor in vergelyking met die mans in die staatsdiens en semi-staatsinstellings ouer is (mediaanouderdom 33,8 jaar) maar oor minder hoër kwalifikasies beskik, want 56,7 persent het minstens 'n honneurs-, M- of D-graad behaal.

Die vroue in die semi-staatsinstellings is as groep ongeveer 7 jaar ouer as die vroue in die staatsdiens (mediaanouderdom 33,0 jaar teenoor 26,1 jaar, kyk tabel 4.2) en 46,0 persent in diens van die semi-staatsinstellings teenoor 27,9 persent in die staatsdiens beskik oor 'n honneurs-, M- of D-graad. Twee van die 11 vroue (18,2%) in die private sektor beskik oor minstens 'n honneurs- of M-graad. Dit wil dus voorkom of die private sektor nie dieselfde vereiste met betrekking tot hoër kwalifikasies vir die mans en vroue stel as die staatsdiens of semi-staatsinstellings nie.

TABEL 4.2
SOORT WERKGEWER VOLGENS OUDERDOM

(a) Mans

Ouderdom	Soort Werkgewer											
	Selfgeëm- plojeer		Staats of provin- siale ad- ministra- sie		Plaaslike owerheid		Semi-staats- staatsbe- heerde of staats- ondersteunde instelling		Private sektor		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
20 - 24			13	5,2	1	10,0	12	9,1	5	6,2	31	6,5
25 - 29			87	34,7			33	25,0	20	24,7	140	29,5
30 - 34			62	24,7	1	10,0	31	23,5	18	22,2	112	23,6
35 - 39	1	100	33	13,1	4	40,0	17	12,9	14	17,3	69	14,5
40 - 44			17	6,8	1	10,0	20	15,2	9	11,1	47	9,9
45 - 49			17	6,8	1	10,0	7	5,3	10	12,3	35	7,4
50 - 54			17	6,8			6	4,5	2	2,5	25	5,3
55 - 59			2	0,8	1	10,0	4	3,0	2	2,5	9	1,9
60 - 64			3	1,2	1	10,0	2	1,5			6	1,3
65									1	1,2	1	0,2
TOTAAL	1	100	251	100	10	100	132	100	81	100	475	
%	0,2		52,8		2,1		27,8		17,1		100	
Mediaan	-		31,6		38,3		32,9		33,8		32,5	

(b) Vroue

20 - 24			25	41,0			13	20,6	3	27,3	41	29,5
25 - 29			17	27,9	1	33,3	15	23,8	3	27,3	36	25,9
30 - 34			7	11,5			5	7,9	2	18,2	14	10,1
35 - 39	1	100					5	7,9	2	18,2	8	5,8
40 - 44			4	6,6	1	33,3	4	6,3	1	9,1	10	7,2
45 - 49			3	4,9	1	33,3	8	12,7			12	8,6
50 - 54			1	1,6			5	7,9			6	4,3
55 - 59			3	4,9			5	7,9			8	5,8
60 - 64			1	1,6			3	4,8			4	2,9
TOTAAL	1	100	61	100	3	100	63	100	11	100	139	
%	0,7		43,9		2,2		45,3		7,9		100	
Mediaan	-		26,1		42,0		33,0		26,7		26,5	

TABEL 4.3
SOORT WERKGEWER VOLGENS HOOGSTE KWALIFIKASIE
(a.) Mans

Hoogste kwalifikasie beheal	Soort werkgewer											
	Selfgeëmplo- Jeer		Staats- of provisiale administrasie		Plaaslike owerheid		Semi-staats-, staatsbe- heerde of staatsonder- steunde in- stelling		Private sektor		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Diploma gelykwaardig aan B-graad	1	100	68	27,1	9	90,0	31	23,5	35	43,2	1	0,2
B-graad			5	2,0	1	10,0					143	30,1
Nagraadse diploma			51	20,3			27	20,5	10	12,3	6	1,3
Hons.-B-/nagraadse B-graad			93	37,1			32	24,2	27	33,3	88	18,5
M-graad			34	13,5			42	31,8	9	11,1	152	32,0
D-graad											85	17,9
TOTAAL	1	100	251	100	10	100	132	100	81	100	475	100
%	0,2		52,8		2,1		27,8		17,1			

(b.) Vroue

B-graad			38	62,3	3	100	31	49,2	9	81,8	81	58,3
Nagraadse diploma			6	9,8			3	4,8			9	6,5
Hons.-B-/nagraadse B-graad			5	8,2			12	19,0	1	9,1	18	12,9
M-graad			4	6,6			10	15,9	1	9,1	15	10,8
D-graad	1	100	8	13,1			7	11,1			16	11,5
TOTAAL	1	100	61	100	3	100	63	100	11	100	139	100
%	0,7		43,9		2,2		45,3		7,9			

4.3 BEDRYFSTAK

Volgens tabel 4.4 is 85,7 persent van die mans en 82,0 persent van die vroue in die twee bedryfstakke bosbou, landbou en visvangs en owerheidsdienste werkzaam. Verder toon tabel 4.4 dat daar relatief min werkgeleenthede vir die biologiese wetenskaplikes in die ander bedryfstakke bestaan.

TABEL 4.4
VERSPREIDING VOLGENS BEDRYFSTAK

Bedryfstak	Mans		Vroue		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Bosbou, landbou, visvangs	207	43,6	31	22,3	238	38,9
Mynbou	6	1,3	2	1,4	8	1,3
Elektrisiteit, gas- en watervoorsiening	9	1,9	1	0,7	10	1,6
Bou- en konstruksie	1	0,2			1	0,2
Fabriekswese	27	5,7	5	3,6	32	5,2
Vervoer, berging en kom= munikasie						
Handel	5	1,1			5	0,8
Finanswese						
Professionele dienste (medies, juridies ens.)	16	3,4	15	10,8	31	5,0
Persoonlike dienste						
Beskermingsdienste (polisie, weermag ens.)	2	0,4			2	0,3
Staatsdiens, provinsiale administrasie, plaaslike owerhei/de, semi-staats= diens ens.	200	42,1	93	59,7	283	46,1
Ander	2	0,4	2	1,4	4	0,7
TOTAAL	475	100	139	100	614	100

4.4 BEROEPSFUNKSIE

Die biologiese wetenskaplikes moes aandui aan watter een van agt beroepsfunksies hulle die meeste van hul werkyd bestee (vraag 4, bylae 1). In tabelle 4.5 tot 4.7 word die beroepsfunksie volgens ouderdom, hoogste kwalifikasie en soort werkgewer ontleed.

Volgens tabel 4.5 het 66,1 persent van die mans en 64,7 persent van die vroue aangedui dat hulle die meeste van hul werkyd aan navorsing en ontwikkeling bestee. 'n Relatief klein persentasie mans en vroue word in elk van die sewe ander beroepsfunksies aangeref. Die mans in navorsing en ontwikkeling is as groep in vergelyking met die mans in die ander beroepsfunksies die jongste (mediaan-ouderdom 30,7 jaar) en die mans in bestuur en administrasie is as groep ongeveer 10 jaar ouer as die mans in navorsing en ontwikkeling.

Tabel 4.6 toon dat amper 3 uit 4 mans (of 71,9%) teenoor die 2 uit 5 vroue (of 36,7%) in navorsing en ontwikkeling oor 'n honneurs-, M- of D-graad beskik. Die mans in onderwys en opleiding is egter hoër gekwalifiseerd as die mans in navorsing en ontwikkeling en bestuur en administrasie. Dit is moontlik dat 21 van die 27 mans in onderwys en opleiding, kyk tabel 4.7, dosente aan universiteite is wat hul beroep as biologiese wetenskaplike en nie as dosent nie, verstrekket.

Volgens tabel 4.7 is daar 'n aanmerklike verskil tussen die vernaamste beroepsfunksies wat die mans in die staatsdiens en die semi-staatsinstellings aangedui het. Van die 251 mans in die staatsdiens is 76,5 persent, teenoor die 59,1 persent van die 132 mans in die semi-staatsinstellings, besig met navorsing en ontwikkeling.

TABEL 4.5
BEROEPSFUNKTIE VOLGENS OUDERDOOM

Ouderdom	(a) Mens																			
	Bestuur en administratie		Navorsing en ontwikkeling		Beplanning en ontwerp		Onderwijs en op-leiding		Productie en in-spekatie		Konsultatie advisering, en diens-lewing		Onderzoek, voorspel-ling en verslagge-wing		Ander		Totaal			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
20 - 24	2	4,0	22	7,0	2	50,0	2	7,4	3	23,1	2	5,9	3	12,0	2	25,0	31	6,5		
25 - 29	3	6,0	117	37,3	2	50,0	5	18,5	3	23,1	7	20,5	4	16,0	1	12,5	140	29,5		
30 - 34	8	16,0	78	24,8	1	25,0	8	29,6	3	23,1	7	20,5	10	40,0	1	12,5	112	23,6		
35 - 39	7	14,0	44	14,0	1	25,0	4	14,8	1	7,7	3	8,8	3	12,0	1	12,5	69	14,5		
40 - 44	13	26,0	22	7,0	1	25,0	4	14,8	1	7,7	5	14,7	1	4,0	1	12,5	47	9,9		
45 - 49	8	16,0	13	4,1			5	18,5	2	15,4	4	11,8	2	8,0	1	12,5	35	7,4		
50 - 54	7	14,0	11	3,5			1	3,7	2	15,4	4	11,8	2	8,0	1	12,5	25	5,3		
55 - 59			5	1,6			2	7,4			1	2,9	1	2,9	1	12,5	9	1,9		
60 - 64	2	4,0	2	0,6							2	5,9	2	8,0	1	12,5	6	1,3		
65											1	2,9	1	2,9	1	12,5	1	0,2		
TOTAAL	50	100	314	100	4	100	27	100	13	100	34	100	25	100	8	100	475	100		
%	10,5		66,1		0,8		5,7		2,7		7,2		5,3		1,7		32,3			
Mediaan	41,4		30,7		32,0		38,6		35,8		34,5		32,3		34,5		32,3			

(b) Vrouw																				
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
20 - 24			30	39,3			3	23,1	3	20,0	3	20,0	2	16,7	3	33,3	2	40,0	41	29,5
25 - 29	1	25,0	18	20,0	1	100	5	36,5	1	20,0	6	50,0	1	8,3	2	22,2	2	40,0	36	25,9
30 - 34			12	13,3			1	7,7			1	8,3					14	10,1		
35 - 39			7	7,8					1	20,0							8	5,8		
40 - 44			4	4,4			1	7,7			2	16,7	2	22,2	1	20,0	10	7,2		
45 - 49	1	25,0	9	10,0			2	15,4			1	8,3	1	11,1	1	11,1	12	8,6		
50 - 54			3	3,3			1	7,7			1	8,3	1	11,1			6	4,3		
55 - 59	1	25,0	5	5,6							1	8,3	1	11,1			8	5,8		
60 - 64	1	25,0	2	2,2							1	8,3	1	11,1			4	2,9		
TOTAAL	4	100	90	100	1	100	13	100	5	100	12	100	9	100	5	100	139	100		
%	2,9		64,7		0,7		9,4		3,6		8,6		6,5		3,6		28,5			
Mediaan	42,0		28,7		-		26,0		23,7		29,5		28,5		25,6		28,5			

TABEL 4.7
BEROEPSFUNKTIE VOLGENS SOORT WERKGEMER

(a) Mens

Soort werkgemer	Bestuur en administrasie		Navorsing en ontwikkeling		Beplanning en ontwerp		Onderwys en opleiding		Produksie en inspeksie		Konsultasie, advisering en dienslewering		Ondersoek voorspelling en verslaggewing		Ander		Totaal			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
Selfgeëmpl.o.jaar	N	%	1	0,3											1	0,2				
Staats- of provinsiale administrasie	N	%	28	56,0	192	61,1	2	50,0	5	16,5	1	7,7	11	32,4	10	40,0	2	25,0	251	52,8
Plaaslike owerheid	N	%	4	8,0	1	0,3							1	2,9	3	12,0	1	12,5	10	2,1
Semi-staats- staats-beheerde of staats-ondersteunde instelling	N	%	13	26,0	78	24,8			21	77,8	2	15,4	6	17,6	7	28,0	5	62,5	132	27,8
Private sektor	N	%	5	10,0	42	13,4	2	50,0	1	3,7	10	76,9	16	47,1	5	20,0			81	17,1
TOTAAL	N	%	50	100	314	100	4	100	27	100	13	100	34	100	25	100	6	100	475	100
			10,5		66,1		0,8		5,7		2,7		7,2		5,3		1,7			

TABEL 4.7 (VERVOLG)
(b) Vroue

Soort werkgewer	Bestuur en administrasie		Navorsing en ontwikkeling		Beplanning en ontwerp		Onderwys en opleiding		Produksie en inspeksie		Konsultasie, advisering en dienslewering		Onderzoek, voorspelling en verslaggewing		Ander		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Selfgeëmploteer									1	20,0					1	0,7		
Staats- of provinsiale administrasie	1	25,0	40	44,4			4	30,8	2	40,0	7	58,3	4	44,4	3	60,0	61	43,9
Plaaslike owerheid	1,6	65,6					6,6		3,3		11,5	6,6		4,9		100		
Semi-staats- staats-beheerde of staats-ondersteunde instelling	2	50,0	43	47,8	1	100,0	8	61,5			4	33,3	4	44,4	1	20,0	3	2,2
Private sektor	3,2	66,3	66,3		1,6		12,7				6,3	6,3		1,6		63	45,3	
	1	25,0	7	7,8			1	7,7	2	40,0						11	7,9	
	9,1	63,6					9,1		18,2							100		
TOTAAL	4	100	90	100	1	100	13	100	5	100	12	100	9	100	5	100	139	100
	2,9	64,7	64,7		0,7		9,4		3,6		8,6	6,5		3,6		100		

4.5 WERKKENMERKE VAN BEROEPE

Die mate waarin werkkenmerke van beroepe belangrik is en die mate waarin die biologiese beroep aan die biologiese wetenskaplikes se verwagtinge voldoen, is met behulp van 'n negepunt- en driepunt skaal onderskeidelik gemeet (vraag 9 bylae 1). Met die oog op onderlinge vergelykbaarheid van werkkenmerke, is 'n belangrikheids- en voldoeningsindeks bereken. Die belangrikheidsindeks is bereken deur aan elkeen van die kategorieë op die negepunt skaal, waarvolgens belangrikheid aangedui moes word, 'n bepaalde progressiewe waarde toe te ken, naamlik 1 punt vir minder belangrik tot 9 punte vir baie belangrik. Vir die berekening van die indeks is dus aanvaar dat die graadverskille tussen die kategorieë van die negepunt skaal, ewe groot is. Op 'n soortgelyke wyse is die voldoeningsindeks met behulp van 'n driepunt skaal (3 punte vir goed tot 1 punt vir swak) bereken. In die indekse verteenwoordig 'n hoë indekssyfer dus 'n hoë mate van belangrikheid of voldoening.

In tabel 4.8 word die mening van die biologiese wetenskaplikes oor die mate van belangrikheid en die voldoening van hul beroep aan die werkkenmerke ontleed. Die werkkenmerke is volgens die belangrikheidsindeks van hoog na laag in die tabel gerangskik.

Die drie werkkenmerke wat deur die mans en vroue as die belangrikste in 'n beroep beoordeel word, is uitdaging wat die werk bied (indeks 7,7 vir mans en vroue), gebruik van persoonlike vermoëns (indeks 7,5 vir mans en 7,6 vir vroue) en bevordering volgens meriete (indeks 7,5 vir mans en 7,0 vir vroue). Die voldoeningsindeks toon dat die mans en vroue van mening is dat hul beroep in 'n redelike mate (2,6 en 2,4 vir mans en 2,3 en 2,2 vir vroue) aan die eerste twee van bogenoemde kenmerke voldoen, maar dat hul beroep in 'n mindere mate aan die belangrike kenmerk van bevordering volgens meriete voldoen (1,9 vir mans en vroue).

Die twee werkkenmerke waaraan hul beroep in die hoogste mate voldoen, is volgens die mans sekuriteit wat die werk bied (indeks 2,7) en verskeidenheid in werksituasie (indeks 2,7). Die vroue se mening oor die sekuriteit wat hul beroep bied, stem ooreen met die mening van die mans, maar na die mening van die vroue voldoen die biologiese beroep in 'n mindere mate aan die werkkenmerk verskeidenheid in die werksituasie.

TABEL 4.6
 BELANGRIJKHEID VAN WERKENMERKE EN VOLDOENING VAN BEROEP AAN WERKENMERKE
 (a) Mens

Werkenmerke	Mate waarin werkenmerke in 'n beroep belangrik is					Mate waarin biologiese beroep aan biologiese wetenskaplikes se verwegtinge voldoen					
	Baie belangrik	Belangrik	Minder belangrik	Nie aangedui	Totaal Belangrikheidsindeks	Goed	Redelik	Swak	Nie aangedui	Totaal	Voldoening
Uitdaging wat werk bied	N 358 % 75,4	101 21,3	10 2,1	6 1,3	475 100	235 65,6	89 24,9	18 5,0	16 4,5	358 100	2,6
Gebruik van persoonlike vermoëns	N 346 % 72,8	113 23,8	9 1,9	7 1,5	475 100	165 47,7	131 37,9	34 9,8	16 4,6	346 100	2,4
Bevordering volgens meriete	N 329 % 69,3	109 22,9	16 3,4	21 4,4	475 100	76 23,1	142 43,2	96 29,2	15 4,6	329 100	1,9
Geleentheid vir bevordering	N 305 % 64,2	144 30,3	17 3,6	9 1,9	475 100	74 24,3	150 49,2	68 22,3	13 4,3	305 100	2,0
Goëe salaris	N 265 % 56,0	190 40,0	13 2,7	6 1,3	475 100	43 16,2	136 51,1	75 28,2	12 4,5	265 100	1,9
Sekuriteit wat werk bied	N 257 % 54,1	166 34,9	43 9,1	9 1,9	475 100	176 68,5	65 25,3	6 2,3	10 3,9	257 100	2,7
Verantwoordelikheid van werk	N 251 % 52,8	183 38,5	35 7,4	6 1,3	475 100	120 47,8	92 36,7	27 10,8	12 4,8	251 100	2,4
Verskeidenheid in werksituasie	N 222 % 46,7	188 39,6	55 11,6	10 2,1	475 100	144 64,9	63 28,4	6 2,7	9 4,1	222 100	2,7
Aandeel in beleidsbesluite	N 188 % 39,6	207 43,6	71 14,9	9 1,9	475 100	42 22,3	59 31,4	78 41,5	9 4,8	188 100	1,8
Goëe byvoordele	N 128 % 26,9	201 42,3	132 27,8	14 2,9	475 100	44 34,4	43 33,6	34 26,6	7 5,5	128 100	2,1
Status van die beroep	N 105 % 22,1	187 39,4	167 35,2	16 3,4	475 100	20 19,0	38 36,2	43 41,0	4 3,8	105 100	1,8

TABEL 4.8 (VERVOLG)

(b) Vroue

Werkkennmerk	Mate waarin werkkennmerke in 'n beroep belangrik is						Mate waarin biologiese beroep aan biologiese wetenskaplikes se verwagtinge voldoen					
	Bele- belang- rik	Belang- rik	Minder belangrik	Nie aangedui	Totaal	Belang- rikheids- indeks	Goed	Redelik	Swak	Nie aange- dui	Totaal	Voldoen- ingsin- deks
Utdaging wat werk bied	101 N	32 23,0	1 0,7	5 3,6	139 100	7,7	46 45,5	36 35,6	16 15,8	3 3,0	101 100	2,3
Gebruik van per- soonlike ver- moëns	97 N	33 23,7	1 0,7	8 5,8	139 100	7,6	41 42,3	33 34,0	20 20,6	3 3,1	97 100	2,2
Bevordering volgens meriete	81 N	42 30,2	8 5,8	8 5,8	139 100	7,0	17 21,0	35 43,2	26 32,1	3 3,7	81 100	1,9
Verskeidenheid in werksituasie	66 N	50 36,0	9 6,5	12 8,6	139 100	6,9	26 38,2	33 48,5	9 13,2	6 8,6	68 100	1,9
Geleentheid vir bevordering	64 N	49 35,3	20 14,4	6 4,3	139 100	6,4	15 23,4	31 48,4	16 25,0	2 3,1	64 100	2,0
Goeie salaris	55 N	67 48,2	10 7,2	7 5,0	139 100	6,4	15 27,3	26 45,5	13 23,6	2 3,6	55 100	2,0
Sekuriteit wat werk bied	54 N	59 42,4	19 13,7	7 5,0	139 100	6,1	33 61,1	17 31,5	2 3,7	3,7	54 100	2,6
Verantwoordelikheid van werk	52 N	66 47,5	13 9,4	8 5,8	139 100	5,5	26 50,0	20 38,5	6 11,5	6 4,3	52 100	2,3
Goeie byvoordele	27 N	46 33,1	60 43,2	6 4,3	139 100	4,5	5 18,5	7 25,9	14 51,9	1 3,7	27 100	1,7
Status van die beroep	19 N	62 44,6	50 36,0	8 5,8	139 100	4,4	7 36,8	8 42,1	3 15,6	1 5,3	19 100	2,2
Aandeel in beleids- besluite	19 N	41 29,5	68 46,9	11 7,9	139 100	4,1	3 15,8	7 36,8	9 47,4	9 47,4	19 100	1,7

Kenmerke van beroepe wat deur die biologiese wetenskaplikes as baie belangrik beskou word, maar wat nie in tabel 4.8 getoon word nie, is werkomstandighede soos werkure, kantoogeriewe en werkplek (31 mans en 3 vroue), goeie personeelverhoudings (16 mans en 2 vroue) en vol-doende navorsingsgeleenthede (12 mans en 2 vroue).

4.6 WERKTEVREDENHEID

Die werktevredenheid van die biologiese wetenskaplikes is met behulp van 'n sespuntskaal, wat strek van baie tevrede tot baie ontevrede, gemeet (vraag 8, bylae 1). 'n Werktevredeheidsindeks is bereken sodat die verskillende antwoorde wat ten opsigte van aspekte soos ouderdom en werkgewer ontvang is, vergelyk kan word. Die indeks is bereken deur aan elke kategorie op die sespuntskaal 'n bepaalde progressiewe waarde toe te ken, wat wissel van 1 punt vir baie ontevrede tot 6 punte vir baie tevrede. Vir die berekening van die indeks word dus aanvaar dat die graadverskille tussen die verskillende kategorieë op die sespuntskaal ewe groot is. 'n Hoë indekssyfer toon dus 'n hoë mate van werktevredenheid aan.

In tabelle 4.9 tot 4.13 word die mate van werktevredenheid volgens ouderdom, hoogste kwalifikasie, werkgewer, beroepsfunksie en hipotetiese herkeuse van studierigting ontleed.

Tabel 4.9 toon dat 358 van 475 mans (75,3%) en 101 van 139 vroue (72,6%) baie of redelik tevrede is met hul werk. Volgens die werktevredeheidsindeks is die mans en vroue in dieselfde mate tevrede met hul werk.

Die werktevredeheidsindeks volgens ouderdomsgroep toon dat die mate van werktevredenheid van die mans in die ouderdomsgroep 20 tot 34 jaar afneem, daarna styg om 'n plato in die ouderdomsgroep 35 tot 49 te vorm en weer styg om 'n hoogtepunt in die ouderdomsgroep 60 tot 64 te bereik. Die vroue se werktevredenheid volgens ouderdom toon 'n redelike ooreenkoms met dié van die mans, naamlik 'n daling in die ouderdomsgroep 20 tot 29 jaar, 'n plato in die 30-39-jariges se mate van werktevredenheid, daarna 'n daling om 'n laagtepunt in die ouderdomsgroep 40-44 jaar en 50-54 jaar te bereik, maar dit bereik 'n hoogtepunt in die ouderdomsgroep 60 tot 64 jaar.

TABEL 4.9
 WERKTEVREDENHEID VOLGENS OUDERDOM
 (a) Mans

Ouderdom	Werktevredenheid										Werk- tevreden- heid- indeks	
	Baie tevrede N	Redelik tevrede N	Darem tevrede N	Bietjie ontevrede N	Taamluk ontevrede N	Baie ontevrede N	Totaal N					
20 - 24	5	21	1	2	2		31					4,8
25 - 29	37	62	16	9	13		140			3		4,7
30 - 34	29	48	13	10	11		112			1		4,6
35 - 39	21	35	4	8	1		69					5,0
40 - 44	16	23	6	2			47					5,1
45 - 49	13	15	2	3	2		35					5,0
50 - 54	9	10	2	4	2		25					4,8
55 - 59	4	3	1	1			9					5,1
60 - 64	2	4					6					5,3
65		1					1					5,0
TOTAAL	136	222	43	39	31		475			4		4,8
%	28,6	46,7	9,1	8,2	6,5		100			0,8		

TABEL 4.9. (VERVOLG)

(b) Vroue

Ouderdom	Werktevredeheid												Werktevredeheidsindeks	
	Baie tevrede						Totaal							
	N	Redelik tevrede	Darentevrede	Bietjie tevrede	Taamlik tevrede	Baie tevrede	N	Redelik tevrede	Darentevrede	Bietjie tevrede	Taamlik tevrede	Baie tevrede		N
20 - 24	13	15	7	4	2		41						41	4,8
25 - 29	10	14	4	6			36				2		36	4,6
30 - 34	5	6	2		1		14						14	5,0
35 - 39	3	3	1	1			8						8	5,0
40 - 44	2	5	1				10			2			12	4,3
45 - 49	5	7					12						12	5,4
50 - 54	2	2			2		6						6	4,3
55 - 59	4	1		1			8						8	5,0
60 - 64	3	1					4						4	5,8
TOTAAL %	47 33,8	54 38,8	17 12,2	12 8,6	5 3,6	4 2,9	139 100						139 100	4,8

TABEL 4.10
 WERKTEVREDENHEID VOLGENS HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL
 (a) Mans

Hoogste kwalifikasie behaal	Werktevredeheid										Werktevredeheidsindeks		
	Baie tevrede N	Redelik tevrede N	Daren tevrede N	Bietjie ontevrede N	Taamlik ontevrede N	Baie ontevrede N	Totaal N						
Diploma gelykwaardig aan B-graad	1											1	6,0
B-graad	41	73	11	12	6							143	4,9
Nagraadse diploma	1	2	1	1	1							6	4,2
Hons.-B-/nagraadse B-graad	23	38	9	8	10							88	4,6
M-graad	39	68	17	14	11					3		152	4,7
D-graad	31	41	5	4	3					1		85	5,1
TOTAAL %	136 28,6	222 46,7	43 9,1	39 8,2	31 6,5			4 0,8				475 100	4,8

TABEL 4.10 (VERVOLG)

(b) Vroue

Hoogste kwalifikasie behaal	Werktevredeheid										Werktevredeheidsindeks				
	Baie tevrede N		Redelik tevrede N		Darems tevrede N		Bietjies tevrede N		Taamliek tevrede N			Baie ontevrede N		Totaal N	
Diploma gelykwaardig aan B-graad	24	31	12	8	4	2	81								4,7
B-graad	2	2	3	1	1	9									4,3
Nagraadse diploma	7	9		2		18									5,2
Hons.-B-/nagraadse B-graad	7	5	2			15				1					5,1
M-graad	7	7		1		16				1					5,1
D-graad	47	54	17	12	5	4	139								4,8
TOTAAL %	33,8	38,8	12,2	8,6	3,6	2,9	100								

TABEL 4.11
 WERKTEVREDENHEID VOLGENS SOORT WERKGEWER
 (a) Mans

Soort werkgewer	Werktevredenheid										Werk- tevreden- heid- indeks	
	Baie tevrede N	Redelik tevrede N	Darem tevrede N	Bietjie ontevrede N	Taanlik ontevrede N	Baie ontevrede N	Totaal N					
Selfgeëmplojeer Staats- of pro- vinsiale ad- ministrasie	1						1					6,0
Plaaslike ower- heid	51	122	28	28	18	4	251					4,6
Semi-staats-, staatsbeheerde of staats- ondersteunde instelling	2	6		2			10					4,8
Private sektor	48	59	12	5	8		132					5,0
	34	35	3	4	5		81					5,1
TOTAAL	136	222	43	39	31	4	475					4,8
%	28,6	46,7	9,1	8,2	6,5	0,8	100					

TABEL 4.11 (VERVOLG)
(b) Vroue

Soort werkgewer	Werktevredeheid										Werktevredeheid-indeks		
	Baie tevrede N	Redelik tevrede N	Darem tevrede N	Bietjie tevrede N	Taamlik tevrede N	Baie tevrede N	Totaal N						
Selfgeëmplojeer	1						1					6,0	
Staats- of provinsiale administrasie	15	23	12	9	1	1	61					4,6	
Plaaslike owerheid	1	2					3					5,3	
Semi-staats-, staatsbeheerde of staats-ondersteunde instelling	27	24	3	2	4	3	63					4,9	
Private sektor	3	5	2	1			11					4,9	
TOTAAL %	47	54	17	12	5	4	139	33,8	38,8	12,2	8,6	2,9	4,8

TABEL 4.12
WERKTEVREDENHEID VOLGENS BEROEPSFUNKSIE

(a) Mans

Beroepsfunksie	Werktevrede										Werk- tevrede- heid- indeks	
	Baie tevrede N	Redelik tevrede N	Dare tevrede N	Bietjie tevrede N	Taamlik tevrede N	Baie tevrede N	Totaal N					
Bestuur en administrasie	15	28	2	3	2		50					5,0
Navorsing en ontwikkeling	92	139	35	24	20	4	314					4,8
Beplanning en ontwerp		3		1			4					4,5
Onderwys en op- leiding	8	16	2		1		27					5,1
Produkse en in- speksie	6	4			3		13					4,8
Konsultasie, ad- visering en dienslewering	7	16	3	7	1		34					4,6
Onderzoek, voor- spelling en verslaggewing	7	11	1	3	3		25					4,6
Ander	1	5		1	1		8					4,5
TOTAAL	136	222	43	39	31	4	475					4,8
%	28,6	46,7	9,1	8,2	6,5	0,8	100					

TABEL 4.12 (VERVOLG)

(b) Vroue

Beroepsfunksie	Werktevredeheid										Werk- tevrede- heid- indeks	
	Baie tevrede N	Redelik tevrede N	Darem tevrede N	Bietjie ontevrede N	Taamlik ontevrede N	Baie ontevrede N	Totaal N					
Bestuur en administrasie	1	3					4					5,3
Navorsing en ontwikkeling	35	33	11	6	3	2	90					4,9
Beplanning en ontwerp	1						1					6,0
Onderwys en op-leiding	3	5	2	1	2		13					4,5
Produkisie en in-speksie	2		1	2			5					4,4
Konsultasie, ad-visering en dienslewering	1	7	2	1		1	12			1		4,4
Onderzoek, voor-spelling en verslaggewing	2	6	1	1			9			1		5,0
Ander	2						5					4,0
TOTAAL	47	54	17	12	5	4	139					4,8
%	33,8	38,8	12,2	8,6	3,6	2,9	100					

TABEL 4.13
WERKTEVREDENHEID VOLGENS HIPOTETIESE HERKEUSE VAN STUDIERIGTING

(a) Mans

Hypotetiese herkeuse van studierigting	Werktevredeheid										Werktevredeheidsindeks		
	Baie tevrede		Redelik tevrede		Daren tevrede		Bietjie tevrede		Taamlik tevrede			Baie ontevrede	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		N	%
Ja, beslis Ja, maar met voorbehoude Miskien Nee, onder geen omstandighede nie	67	53	4	4	9	9	6	6	139	139	5,2		
	38	92	15	15	13	13	14	14	172	172	4,7		
	18	50	12	12	8	8	3	3	92	92	4,8		
	13	27	12	12	9	9	8	8	72	72	4,3		
TOTAAL %	136	222	43	43	39	39	31	31	475	475	4,8		
	28,6	46,7	9,1	9,1	8,2	8,2	6,5	6,5	100	100			

(b) Vroue

Ja, beslis Ja, maar met voorbehoude Miskien Nee, onder geen omstandighede nie	29	23	2	2	1	1	1	1	57	57	5,3
	10	21	7	7	7	7	2	2	47	47	4,6
	5	9	5	5	1	1	1	1	21	21	4,7
	3	1	3	3	3	3	4	4	14	14	3,7
TOTAAL %	47	54	17	17	12	12	5	5	139	139	4,8
	33,8	38,8	12,2	12,2	8,6	8,6	3,6	3,6	100	100	

Blykbaar het die peil van die hoogste kwalifikasie wat behaal is, 'n invloed op die mans en vroue se mate van werktevredenheid uitgeoefen (kyk tabel 4.10). Die mans en vroue met nagraadse onderwysdiplomas (kyk paragraaf 3.1.2) is in vergelyking met die ander gekwalifiseerdes minder tevrede met hul werk. Die vroue met nagraadse grade is meer tevrede met hul werk as die vroue met B-grade, maar die mans met B-grade is meer tevrede as die mans met honneurs- en M-grade.

Ontledings van die mate van werktevredenheid volgens soort werkgewer, tabel 4.11, toon dat die mans en vroue in die staatsdiens (indeks 4.6) in 'n mate minder tevrede is met hul werk as die mans en vroue in die semi-staats-instellings (indeks 5,0 vir mans en 4,9 vir vroue). Die mans in die private sektor is in 'n geringe mate meer tevrede met hul werk as die mans in die owerheidsdiens.

Die beroepsfunksie van die mans en vroue toon blykbaar weinig verband met die mate van werktevredenheid, kyk tabel 4.12. Soos verwag is, het die mate van werktevredenheid 'n invloed op die mening van die mans en vroue oor die hipotetiese herkeuse van hul studierigting uitgeoefen (tabel 4.13). Hoe meer tevrede met hul werk, hoe sekerder is die mans en vroue dat hul weer dieselfde studierigting sou kies.

Die werktevredenheid van die biologiese wetenskaplikes en die ander groepe natuurwetenskaplikes word in 'n aparte verslag volledig bespreek.

4.7 BENUTTING VAN UNIVERSITEITSOPLEIDING

Die mate waarin die mans en vroue se universiteitsopleiding benut word, is met behulp van 'n vierpuntskaal gemeet (vraag 10, bylae 1). 'n Benuttingsindeks is op 'n soortgelyke wyse as die werktevredenheidsindeks (kyk paragraaf 4.6) bereken. In tabelle 4.14 tot 4.19 word die mate waarin universiteitsopleiding benut word volgens ouderdom, hoogste kwalifikasie, werkgewer, beroepsfunksie, hipotetiese herkeuse van studierigting en werktevredenheid ontleed. Een man en een vrou het nie die mate waarin hul universiteitsopleiding benut word, aangedui nie.

Tabel 4.14 toon dat 410 van die 474 mans (86,5%) en 116 van die 138 vroue (84,1%) aangedui het dat hul univer-

siteitsopleiding baie of taamlik goed benut word.

Ouderdom beïnvloed blykbaar nie die mate waarin die mans of vroue se universiteitsopleiding benut word nie. Die benuttingsindeks per ouderdomsgroep wyk glad nie af van die benuttingsindeks van die mans of vroue as groep nie.

Soos verwag is, word die mans en vroue met nagraadse onderwysdiplomas se universiteitsopleiding in 'n kleiner mate benut as dié van mans en vroue met ander kwalifikasies (kyk tabel 4.15). Dit is opvallend dat die mans met B-grade, honneurs- en M-grade se opleiding ongeveer in dieselfde mate benut word (indeks 3,3 tot 3,4) maar dat die mans met D-grade se opleiding in 'n groter mate benut word (indeks 3,8). By die vroue is 'n styging in die mate van benutting van B-graad tot D-graad waargeneem. Die bogenoemde verskil tussen die mans en vroue kan moontlik verklaar word deur die feit dat die vroue se nagraadse grade meer beroepsgerig is as dié van die mans (kyk paragraaf 3.1.1).

Volgens tabel 4.16 word die mans en vroue in die staatsdiens en semi-staatsinstellings se universiteitsopleiding ongeveer in dieselfde mate benut. In die private sektor word die mans se opleiding minder en die vroue se opleiding meer benut as in die staatsdiens of semi-staatsinstellings.

In vergelyking met die ander beroepsfunksies word die mans in onderwys en opleiding (indeks 3,7) en navorsing en ontwikkeling (indeks 3,5) se universiteitsopleiding die meeste benut.

Die mate waarin die mans en vroue se opleiding benut word, het blykbaar 'n invloed op hul mening oor die hipotetiese herkeuse van hul studierigting en mate van werktevredeheid uitgeoefen, kyk tabel 4.18 en 4.19. Hoe hoër die mate waarin hul opleiding benut word, hoe sekerder is die mans en vroue dat hul weer dieselfde studierigting sou kies en hoe meer tevrede is hul met hul werk.

TABEL 4.14
 BENUTTING VAN UNIVERSITEITSONPLEIDING VOLGENS OUDERDOM

(a) Mans

Ouderdom	Benutting van universiteitsopleiding					Benuttings- indeks
	Baie N	Taamlik N	Min N	Niks N	Totaal N	
20 - 24	15	12	4		31	3,4
25 - 29	77	46	17		140	3,4
30 - 34	57	37	16	1	111	3,4
35 - 39	40	22	7		69	3,5
40 - 44	24	18	5		47	3,4
45 - 49	21	8	6		35	3,4
50 - 54	11	8	6		25	3,2
55 - 59	7	2			9	3,8
60 - 64	2	2	2		6	3,0
65	1				1	4,0
TOTAAL %	255 53,8	155 32,7	63 13,3	1 0,2	474 100	3,4

(b) Vroue

20 - 24	18	15	7	1	41	3,2
25 - 29	10	19	6	1	36	3,1
30 - 34	6	6	2		14	3,3
35 - 39	5	1	1	1	8	3,3
40 - 44	3	4	1	1	9	3,0
45 - 49	7	5			12	3,6
50 - 54	5		1		6	3,7
55 - 59	5	3			8	3,6
60 - 64	2	2			4	3,5
TOTAAL %	61 44,2	55 39,9	18 13,0	4 2,9	138 100	3,3

TABEL 4.15

BENUTTING VAN UNIVERSITEITSOPLEIDING VOLGENS HOOGSTE
KWALIFIKASIE BEHAAL

(a) Mans

Hoogste kwalifikasie behaal	Benutting van universiteitsopleiding					Benuttingsindeks
	Baie N	Taamlik N	Min N	Niks N	Totaal N	
Diploma gelykwaardig aan B-graad	1				1	4,0
B-graad	60	64	18	1	143	3,3
Nagraadse diploma	2	2	2		6	3,0
Hons.-B-/nagraadse B-graad	46	27	15		88	3,4
M-graad	77	49	25		151	3,3
D-graad	69	13	3		85	3,8
TOTAAL	255	155	63	1	474	3,4
%	53,8	32,7	13,3	0,2	100	

(b) Vroue

Diploma gelykwaardig aan B-graad						
B-graad	30	38	11	2	81	3,2
Nagraadse diploma	2	3	3	1	9	2,7
Hons.-B-/nagraadse B-graad	7	10	1		18	3,3
M-graad	11	2	1	1	15	3,5
D-graad	11	2	2		15	3,6
TOTAAL	61	55	18	4	138	3,3
%	44,2	39,9	13,0	2,9	100	

TABEL 4.16

BENUTTING VAN UNIVERSITEITSONDERWYS VOLGENS SOORT WERKGEWER

(a) Mans

Soort werkgewer	Benutting van universiteitsopleiding					Benuttingsindeks
	Baie N	Taamlik N	Min N	Niks N	Totaal N	
Selfgeëmpleoer	1				1	4,0
Staats- of provin- siale admini- strasie	137	75	38		250	3,4
Plaaslike ower- heid	3	6	1		10	3,2
Semi-staats-, staatsbeheer- de of staats- ondersteunde instelling	82	38	11	1	132	3,5
Private sektor	32	36	13		81	3,2
TOTAAL	255	155	63	1	474	3,4
%	53,8	32,7	13,3	0,2	100	

(b) Vroue

Selfgeëmpleoer			1		1	2,0
Staats- of provin- siale admini- strasie	21	25	14		60	3,1
Plaaslike ower- heid	1	2			3	3,3
Semi-staats-, staatsbeheer- de of staats- ondersteunde instelling	31	25	3	4	63	3,3
Private sektor	8	3			11	3,7
TOTAAL	61	55	18	4	138	3,3
%	44,2	39,9	13,0	2,9	100	

TABEL 4.17

BENUTTING VAN UNIVERSITEITSOPLEIDING VOLGENS BEROEPSFUNKSIE

(a) Mans

Beroepsfunksie	Benutting van universiteitsopleiding					Benuttingsindeks
	Baie N	Taamlik N	Min N	Niks N	Totaal N	
Bestuur en administrasie	20	19	11		50	3,2
Navorsing en ontwikkeling	185	98	30		313	3,5
Beplanning en ontwerp	1	1	2		4	2,8
Onderwys en opleiding	20	6	1		27	3,7
Produksie en inspeksie	4	6	3		13	3,1
Konsultasie, advisering en dienslewering	11	14	9		34	3,1
Onderzoek, voorspelling en verslaggewing	10	9	5	1	25	3,1
Ander	4	2	2		8	3,3
TOTAAL	255	155	63	1	474	3,4
%	53,8	32,7	13,3	0,2	100	

TABEL 4.17 (VERVOLG)

(b) Vroue

Beroepsfunksie	Benutting van universiteitsopleiding					Benuttingsindeks
	Baie N	Taamlik N	Min N	Niks N	Totaal N	
Bestuur en administrasie	3	1			4	3,8
Navorsing en ontwikkeling	46	35	6	2	89	3,4
Bepanning en ontwerp		1			1	3,0
Onderwys en opleiding	7	3	2	1	13	3,2
Produksie en inspeksie	2	1	2		5	3,0
Konsultasie, advisering en dienslewering	3	6	2	1	12	2,9
Ondersoek, voorspelling en verslaggewing		6	3		9	2,7
Ander		2	3		5	2,4
TOTAAL	61	55	18	4	138	3,3
%	44,2	39,9	13,0	2,9	100	

TABEL 4.18

BENUTTING VAN UNIVERSITEITSONPLEIDING VOLGENS HIPOTETIESE
HERKEUSE VAN STUDIERIGTING

(a) Mans

Hipotetiese her- keuse van studie- rigting	Benutting van universiteitsopleiding					Benut- tings- indeks
	Baie N	Taamlik N	Min N	Niks N	Totaal N	
Ja, beslis	93	34	12		139	3,6
Ja, maar met voorbehoude	88	65	18	1	172	3,4
Miskien	41	35	15		91	3,3
Nee, onder geen omstandighede nie	33	21	18		72	3,2
TOTAAL	255	155	63	1	474	3,4
%	53,8	32,7	13,3	0,2	100	

(b) Vroue

Ja, beslis	34	18	3	1	56	3,5
Ja, maar met voorbehoude	16	21	8	2	47	3,1
Miskien	6	11	4		21	3,1
Nee, onder geen omstandighede nie	5	5	3	1	14	3,0
TOTAAL	61	55	18	4	138	3,3
%	44,2	39,9	13,0	2,9	100	

TABEL 4.19
WERKTEVREDENHEID VOLGENS BENUTTING VAN UNIVERSITEITSONDERWIJS

(a) Mens

Benutting van universiteits-opleiding	Werktevredenheid										Werk- tevre- den- heids- index		
	Baie tevrede		Redelik tevrede		Darem tevrede		Bietjie tevrede		Taamlik tevrede			Baie ontevrede	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		N	%
Baie Taamlik Min Niks	84 41 10 1	119 83 19	23 9 11	16 12 11	11 10 10	2 2	255 155 63 1	5,0 4,9 4,0 6,0					
TOTAAL	136	221	43	39	31	4	474	4,8					
% Benuttings- index	28,7	46,6	9,1	8,2	6,5	0,8	100						
	3,5	3,5	3,3	3,1	3,0	3,0	3,4						

(b) Vroue

Benutting van universiteits-opleiding	Werktevredenheid										Werk- tevre- den- heids- index		
	Baie tevrede		Redelik tevrede		Darem tevrede		Bietjie tevrede		Taamlik tevrede			Baie ontevrede	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		N	%
Baie Taamlik Min Niks	29 16 2	24 25 4	3 8 5	3 5 4	2 2 1	1 1 2	61 55 18 4	5,2 4,9 3,8 2,0					
TOTAAL	47	53	17	12	5	4	138	4,8					
% Benuttings- index	34,1	38,4	1,2	8,7	3,6	2,9	100						
	3,6	3,4	2,8	2,9	2,6	1,8	3,3						

HOOFSTUK 5

SALARISSTRUKTUUR EN BYVOORDELE

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die salaris en byvoordele wat die biologiese wetenskaplikes soos op 1 Maart 1971 ontvang, kortliks bespreek. 'n Verslag waarin die salarisstruktuur van die verskillende natuurwetenskaplike groepe onderling vergelyk en bespreek word, sal apart gepubliseer word.

In die ontledings oor salaris en byvoordele is van eerste-kwartiel - (Q1), mediaan - (Me) en derdekwartielverspreidings (Q3) gebruik gemaak. Die mediaan toon die middelwaarde van die biologiese wetenskaplikes as groep se gegewens aan, naamlik die punt waar 50 persent van die groep minder en 50 persent van die groep meer as die aangeduide waarde ontvang. Die eerste kwartiel (Q1) van die salaris/byvoordeel dui aan dat 25 persent van die groep minder en 75 persent van die groep meer as die Q1 - salaris/byvoordeel ontvang, terwyl die derde kwartiel (Q3) aandui dat 75 persent van die groep minder en 25 persent van die groep meer as die Q3-salaris/byvoordeel ontvang. Dit beteken dat 50 persent van die groep minder as die Q3-salaris maar meer as die Q1-salaris ontvang.

Die term salaris in hierdie hoofstuk verwys na die bruto salaris wat die biologiese wetenskaplikes as gevolg van die direkte beoefening van hul beroep soos op 1 Maart 1971 ontvang. Oortydverdienste, bonusse, toelaes en ander byvoordele is uitgesluit (vraag 6, bylae 1). Die byvoordele wat die biologiese wetenskaplikes ontvang soos werkgewer se bydrae tot 'n mediese of pensioenfonds, moes apart verstrekkend word (vraag 7, bylae 1).

Orie mans en vyf vroue het nie hul salaris verstrekkend nie en die tabelle en figure toon dus slegs die gegewens van die 472 mans en 134 vroue wat wel hul salaris aangedui het. Die getal mans en vroue wat die waarde van byvoordele wat hul ontvang nie aangedui het nie, is onbekend.

Om die anonimiteit van die respondente te beskerm, is ontledings oor die salaris of byvoordele wat deur vier of minder persone in 'n spesifieke kategorie ontvang word, nie in die tabelle of figure opgeneem nie.

In hierdie hoofstuk word die salarisstruktuur volgens werkgewer, ouderdom, kwalifikasiepeil, beroepsfunksie, bedryfstak, woonplek en werktevredenheid ontleed. Ten slotte word die byvoordele wat ontvang is, bespreek.

5.2 SALARISSTRUKTUUR

5.2.1 Salarisstruktuur volgens geslag

In tabel 5.1 en figuur 5.1 word die salarisstruktuur volgens geslag ontleed.

Tabel 5.1 toon dat die vroue in vergelyking met die mans laer salaris ontvang. Slegs 2,2 persent van die vroue teenoor 9,5 persent van die mans ontvang 'n salaris van R8 000 of meer per jaar. Die laer salaris wat die vroue ontvang, kan toegeskryf word aan die feit dat die vroue as groep jonger is (kyk tabel 2.2), oor minder jare werkervaring beskik (kyk tabel 4.1) en oor minder nagraadse kwalifikasies beskik (kyk tabel 3.2).

5.2.2 Salarisstruktuur volgens werkgewer

Die salarisstruktuur van die mans en vroue volgens werkgewer word in tabel 5.2 en figuur 5.2 ontleed.

Uit tabel 5.2 is dit duidelik dat die mans en vroue in die private sektor se mediaansalaris hoër is as die mediaansalaris van die biologiese wetenskaplikes in diens van enige een van die ander werkgewers. Die mans in die private sektor is as groep ongeveer 1 tot 2 jaar ouer as die mans in die semi-staatsinstellings of staatsdiens (kyk tabel 4.2). Verder is die mans in die private sektor nie so hoog gekwalifiseerd as die mans in die staatsdiens op semi-staatsinstellings nie (kyk tabel 4.3). Die mans in die private sektor word dus, in vergelyking met die mans in die staatsdiens en semi-staatsinstellings, blykbaar beter besoldig.

5.2.3 Salarisstruktuur volgens ouderdom

Die salarisstruktuur volgens ouderdom word in tabel 5.3 en figuur 5.3 ontleed.


TABEL 5.1

KUMULATIEWE SALARISVERSPREIDING

Salaris (Rand per jaar)	Mans		Vroue		Totaal	
	Getal per= sone wat aangeduide salaris of meer ont= vang	Persentasie persone wat aangeduide salaris of meer ont= vang	Getal per= sone wat aangeduide salaris of meer ont= vang	Persentasie persone wat aangeduide salaris of meer ont= vang	Getal per= sone wat aangeduide salaris of meer ont= vang	Persentasie persone wat aangeduide salaris of meer ont= vang
2000	468	99,2	124	92,5	592	97,7
3000	460	95,3	87	64,9	537	88,6
4000	335	71,0	38	28,4	373	61,6
5000	222	47,0	23	17,2	245	40,4
6000	156	33,1	12	9,0	168	27,7
7000	82	17,4	5	3,7	87	14,4
8000	45	9,5	3	2,2	48	7,9
9000	23	4,9	3	2,2	26	4,3
10000	11	2,3	1	0,7	12	2,0
11000	1	0,2			1	0,2

FIG. 5.1

KUMULATIEWE SALARISVERSPREIDING




TABEL 5.2
SALARISSTRUKTUUR VOLGENS SOORT WERKGEWER

Soort werkgewer	Salaries (Rand per jaar)							
	Mans				Vroue			
	N	Q1	Me	Q3	N	Q1	Me	Q3
Selfgeëmplojeer	1							
Staats- of provinsiale ad- ministrasie	250	3618	4554	5475	60	2875	3275	3928
Plaaslike owerheid	10	5083	5500	6375	3			
Semi-staats-, staatsbe- heerde of staatsonder- steunde instelling	131	3988	5275	7403	61	2453	3305	4645
Private sektor	80	4250	6000	6909	10	2750	3625	3937
TOTAAL	472	3830	4870	6513	134	2740	3333	4375

FIG. 5.2

SALARISSTUKTUUR VOLGENS SOORT WERKGEWER




TABEL 5.3
SALARISSTUKTUUR VOLGENS OUDERDOM

Ouderdom	Salaris (Rand per jaar)							
	Mans				Vroue			
	N	Q1	Me	Q3	N	Q1	Me	Q3
20-24	31	2875	3203	3445	40	2578	2842	3166
25-29	140	3310	3762	4285	35	2895	3288	3703
30-34	111	4255	4824	5434	13	3312	3812	4687
35-39	69	5163	6138	7145	7	2187	3250	4625
40-44	46	6107	6928	8250	10	3875	5166	5750
45-49	35	6229	6958	8178	12	3000	4750	5500
50-54	24	5333	6625	7750	5	4125	4625	4937
55-59	9	6250	8250	9375	8	3500	5500	7000
60-64	6	5375	8000	9500	4			
65	1							
TOTAAL	472	3830	4870	6513	134	2740	3333	4375

Tabel 5.2 en figuur 5.2 toon dat die mans en vroue se salaris toeneem namate die mans en vroue se ouderdom styg. Uitsonderings is egter waargeneem. Die mans in die ouderdomsgroep 50-54 jaar se mediaansalaris (R6625 p.j.) is laer as die mediaansalaris van die mans in die ouderdomsgroep 40-49 jaar (R6928 p.j.), maar hoër as die mediaansalaris van die mans in die ouderdomsgroep 35-39 jaar (R6138 p.j.). n Verklaring vir die verskil kan gesoek word in die soort werkgewer van die 50-54-jariges, want ongeveer 90 persent (22 of 23 uit 24) is in diens van die semi-staatsinstellings of staatsdiens teenoor die 72,4 persent (50 van 69) in die groep 35-39 jaar en ongeveer 80 persent (36 of 37 uit 46) in die groep 40-44 jaar wat in die staatsdiens of semi-staatsinstellings werk (kyk tabel 4.2). Soos reeds gemeld in paragraaf 5.2.2 word die mans in die private sektor beter besoldig. Die laer mediaansalaris van die mans in die ouderdomsgroep 50 tot

FIG. 5.3

SALARISSTUKTUUR VOLGENS OUDERDOM



54 jaar kon moontlik bygedra het tot hul laer mate van werktevredenheid (kyk tabel 4.9).

Die lae mediaansalaris van die mans in die ouderdoms-groep 50-64 jaar word verklaar deur die feit dat hul oor minder nagraadse kwalifikasies beskik (kyk tabel 3.3).

Die fluktuasie in die stygingstendens van die salarisstruktuur van die vroue volgens ouderdom, is moontlik toe te skryf aan die relatief klein getal vroue in elke ouderdomskategorie.

5.2.4 Salarisstruktuur volgens hoogste kwalifikasie behaal

In tabel 5.4 en figuur 5.4 word die salarisstruktuur volgens hoogste kwalifikasie behaal, ontleed.

Tabel 5.4 toon dat die mediaansalaris styg van R3984 per jaar vir mans met B-grade tot R7114 per jaar vir mans wat oor D-grade beskik. Die laer salaris wat die mans met honneursgrade ontvang, word toegeskryf aan die feit dat hul as groep die jongste is (kyk tabel 3.3). Die mans met 'n nagraadse diploma se mediaansalaris is hoër as die mediaansalaris van die M-gegradueerdes omdat hul as groep ongeveer 6 jaar ouer is (kyk tabel 3.3).

Die vroue se mediaansalaris styg van R3046 per jaar vir B-gegradueerdes tot R6240 per jaar vir D-gegradueerdes. Dit is opvallend dat die D-gegradueerdes wat ongeveer 4 jaar jonger is as die M-gegradueerdes (kyk tabel 3.3) se mediaansalaris (R6240 p.j.) aansienlik hoër is as die van die M-gegradueerdes (R4743 p.j.). Dieselfde verskynsel kom voor by die vroue wat oor honneursgrade en nagraadse diplomas beskik. Dit is moontlik dat die vroue met D-grade en honneursgrade, ten spyte van hul ouderdom, oor meer jare werkervaring as die vroue met M-grade of nagraadse diplomas beskik.

5.2.5 Salarisstruktuur volgens beroepsfunksie

Die salarisstruktuur volgens beroepsfunksie word in tabel 5.5 en figuur 5.5 ontleed.


Die mediaansalaris van die mans in onderwys en opleiding is hoër as die mediaansalaris van die mans in die ander beroepsfunksies omdat hul as groep aanmerklik hoër opgelei is (kyk tabel 4.6) en met uitsondering van die mans in bestuur en administrasie die oudste is (kyk tabel 4.5).

TABEL 5.4
SALARISSTUKTUUR VOLGENS HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL

Hoogste kwalifikasie behaal	Salaris (Rand per jaar)							
	Mans			Vroue				
	N	Q1	Me	Q3	N	Q1	Me	Q3
Diploma gelykwaardig aan B-graad	1							
B-graad	143	3282	3984	5294	78	2617	3046	3579
